Ons Aanbid God die Almagtige

1. Inleiding

Die woord liturgie lê nadruk op die handelinge/werk van die volk van God. Dit gee uitdrukking aan die gesamentlike dien van die Here - dit laat die dien van die Here as vrug van die geloof voorop staan.

Die woord liturgie beteken:diens aan God. Dit is afgelei en saamgestel uit twee woorde: *laos (λειτε)ν* wat *volk* beteken en *ergon (εργε)ν* wat *werk* beteken.

- Liturgie is dus die werk/aksie van die kerkvolk wanneer hulle en God saamkom en hulle hulle aanbidding aan God in dade (gebed, sang, ens.) tot uitdrukking bring.
- Dit dui dus op die werk van elke gelowige binne die volk van God.
- Terselfdertyd bring die liturgie ook die handelinge van God na vore (groetseën, wegstuurseën en die lees van sy Woord).

Liturgie word dus geken aan wederkerigheid.

- Daar is handelinge waarin God na die mense toe kom en hulle Hom moet ontvang.
- Daar is ook handelinge waarin mense na God toe gaan en waar Hy wat hulle doen of gee moet aanneem.

Vergelyk hiervoor: Handelinge 2:42; Psalm 18.

> **En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.** (Handelinge 2:42 AFR53)
>
> 1 Petrus 2:2, 9
>
> …**en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,** (1 Petrus 2:2 AFR53)
>
> **Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,** (1 Petrus 2:9 AFR53)
>
> 1 Korintiërs10:16;
>
> …**die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? (**1 Korintiërs 10:16 AFR53)

Daar is meer woorde wat aanbidding as ’n baie dinamiese gebeurtenis beskryf, byvoorbeeld leitourgia en *latreia* in:

> …**waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag ***dien***, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agríppa, word ek deur die Jode beskuldig.** (Handelinge 26:7 AFR53)
>
> **Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike ***godsdiens***. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** (Romeine 12: 1, 2 AFR53)

Dieselfde geld van die woord *diakonia* in:

> **en Johanna, die vrou van Gusa, ‘n bestuurder van Herodes, en Susanna en baie ander wat Hom almal met hulle besittings ***gedien*** het. (Lukas 8:3 AFR53)**
>
> **As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My ***dien***, sal die Vader hom eer.** (Johannes 12:26 AFR53)
>
> **En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels ***te bedien*** nie.** (Handelinge 6:2 AFR53)

2. Die Vroeë Christelike Kerk

Die eerste gedeelte van die erediens bestaan uit die introïtus. In die heel vroegste tyd het die kerke hierdie woord gebruik om die konstituering van die ontmoeting tussen God en sy volk te beskryf.

Hierdie gedeelte van die erediens het bestaan uit:

- Die ontmoeting met God
- Die skuldbelydenis in die ontmoeting voor God;
- Daarna die spreek van God deur die Skriflesing.
- Dit is gevolg deur die verkondiging (teks en preek).

Die tweede gedeelte het bestaan uit die ***responsoria***

Die derde deel het bestaan uit die ***seën*** by die huis-toe gaan.

Dit is eers baie eeue later dat ons liturgie leer ken het in verskillende segmente:

- *Votum*
- *Groetseën*
- *Lofpsalm*
- *Skriflees*
- *Gebed*
- *Psalm*
- *Teks en preek*
- *Gebed*
- *Kollekte*
- *Psalm*
- *Seën.*

3. Die Votum

In ons tyd val die ***introïtus*** uiteen in:

- Votum
- Seëngroet
- Lofpsalm
- Credo (ek glo)

Die woord votum is afgelei van die Latynse woord ***vota***. Dit beteken ***openingsverklaring van die erediens***.

Kuyper skryf dat mens die votum kan vergelyk met die hamerslag van die voorsitter van ’n vergadering wanneer hy almal se aandag eis om die vergadering te begin

Die motief vir die erediens behoort spontaan uit die religieuse drang en die liefde vir God en dankbaarheid teenoor die Here by die gelowiges op te kom.

Vergelyk hiervoor die ek in **Heidelbergse Kategismus Sondag 38**

> *Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?*
> *Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig in stand gehou word (a). Ook **moet ek** veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede **moet ek** elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So **begin ek** die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).*
>
> *(a)Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13;1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor:l4:l6. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.*

Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 28

> ***Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit***
> *Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam -*

aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood - of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

1 Korintiërs 16:2

> **Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.** (1 Korintiërs 16:2 AFR53)

Openbaring 1:10

> **Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê:** (Openbaring 1:10 AFR53)

3.1. Wie spreek die votum uit?

Die reël is dat die voorganger (liturg?) dit uitspreek tydens die normale erediens/aanbiddingsituasie. Dus: die persoon wat in die erediens voorgaan.

NB: Die votum is 'n geloofsbelydenis deur die gemeente.

- Die gemeente word bedreig deur die Satan en hulle is in hulleself verlore, maar hulle bely eendragtig hulle sekuriteit in die Almagtige God wat hulle eerste liefgehad het.
- Deur die votum verskyn God voor die geloofsoog van die gemeente.
- Van hierdie oomblik af gaan die hele byeenkoms oor in die gesamentlike verskyning van die kerkvolk voor God en hulle ontmoeting met God.

Volgens Spoelstra (p.64) kan die votum as openingsituasie deur enige voorganger in 'n ordelike openbare samekoms van gelowiges uitgespreek word. Motivering: die erediens wil 'n volksvergadering in opdrag van die Here (en nie van die kerkraad) wees.

Vergelyk hiervoor Hebreërs 10 – ***onderlinge byeenkoms***

> …**en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.** (Hebreërs 10:25 AFR53)

Om die votumformule in Gees en waarheid te laat funksioneer, moet die votum bestaan uit direkte aanhalings uit die Skrif. Calvyn het Psalm 124:8 vir die votum-formule gebruik.

Die GKSA het saam besluit (sinode) dat die volgende gedeeltes aan die beginsel vir 'n votum beantwoord:

- **Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.** (Psalm 124:8 AFR53)
- **Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.** (Psalm 121:1-2 AFR53)
- **Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God, en ons is die volk van sy weide en die skape van sy hand.** (Psalm 95:6-7 AFR53)
- Die berymde Psalm 95:4 kan ook gebruik word
- **Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!** Psalm 19:14 (19:15)
- **Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge,** (Psalm 43:3 AFR53)
- Die berymde Psalm 43:3 kan ook gebruik word.
- **Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.** (Romeine 11:36 AFR53)
- Skrifberyming 35:3 kan as votum gesing word.

4. Die Groetseën

Heel aan die begin het die gelowiges mekaar met 'n ***vredeskus*** verwelkom by die gemeentelike samekoms (Spoelstra p.65). Dit wat ons as die groetseën ken, was waarskynlik in die sinagogediens die bekende ***sjaloomgroet.***.

- In die groetseën tree die dienaar/liturg terug en wys na God wat in Christus en die Gees na die gemeente kom. God groet sy gemeente. Die groet is teken van gemeenskap.

Natuurlik is die groet nie van seën ontkoppel nie. In die Sendbriewe word daar telkens die ***genade en vrede*** van God afgekondig:

> **Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,** (Openbaring 1:4 AFR53)
>
> **aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!** (Romeine 1:7 AFR53)
>
> **aan die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep, hulle sowel as onse Here: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!** (1 Korintiërs 1:2, 3 AFR53)

Vergelyk ook:

> **aan Timótheüs, my ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here!** (1 Timoteus 1:2 AFR53)
>
> **aan Timótheüs, my geliefde kind: Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en Christus Jesus, onse Here! (**2 Timoteus 1:2 AFR53)
>
> **Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en die Here Jesus Christus, ons Verlosser!** (Titus 1:4 AFR53)
>
> …**uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!** (1 Petrus 1:2 AFR53)
>
> …**genade, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van God die Vader en van die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader, in waarheid en liefde.** (2 Johannes 1:3 AFR53)

Die GKSA (1995) het besluit dat die woorde wat in die samekomste vir die groetseën gebruik moet word, woorde van God moet wees wat aan die gemeentes gerig is. Hierdie groetseën kom voor in die briewe van die Nuwe Testament wat aan bepaalde gelowiges gerig is. Daarom mag die bewoording van Openbaring 1:4, 5 ook gebruik word:

> **Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed** (Openbaring 1:4-5 AFR53)

4.1. Karakter van die Groetseën

- Die *groetseën* is nie 'n *wens* nie. Met die groetseën kondig 'n gevolmagtigde gesant van God aan wat sy Sender in die ontmoeting met sy volk beoog. Wanneer die *seënwens* met *mag* gegee word, moet dit as 'n toesegging van Godsweë aanvaar word.
- Die *groetseën* aan die begin verskil wesenlik van die *wegstuurseën* waarmee die volk huis-toe gestuur word.
    - Die groet proklameer die feit van goddelike seën wat die verloop van die erediens karakteriseer.
    - In die slotseën lê die God van die verbond apodikties die seën op sy volk: Hy sal hulle God wees!
- Kuyper beskou die *groetseën* as die Goddelike antwoord op die votum.

- Die groet kom van God self deur die mond van die *geroepe en wettige dienaar* van God. God spreek deur hierdie dienaar tot die gemeente. Deur die seëngroet namens sy Sender, verkry die voorganger 'n bepaalde plek en taak om te vervul in die erediens as ontmoeting van God met sy volk.

4.2. Die betekenis van die Groetseën

Die GKSA (1995) het besluit dat die liturg die groetseën moet uitspreek met die opheffing van hande (m.a.w. met altwee sy hande opgesteek).

Die simboliek hiervan is dat die dienaar met hierdie gebaar die groetende seën van sy Sender oordra aan die kerkvolk.

- Dit beteken dat die dienaar (Paulus in sy briewe of die predikant op die preekstoel) verklein en verdwyn: dit gaan oor die Sender, naamlik God Drie-enig.
- Die dienaar van God wat die gemeente ontmoet, wys van homself af weg na die Een wat hom stuur.
- Hy proklameer wat die gemeente in die ontmoeting met die Here ontvang en beleef.

Genade:

Stel versoening teenoor skuld en oordeel en wys op verlossing wat God bewerk

Barmhartigheid:

Die woord druk gewoonlik die besondere verhouding van liefde en trou uit waarin God na sy volk toe kom en hulle aanneem

Vrede:

Die Ou Testamentiese Sjalom wys op harmonie, suksesvolle lewensvervulling (teenoor sonde wat 'n daad is wat sy gerigte doel op God mis). Sjalom hou meer in as net nie-oorlog nie: vrede is die vrug van versoening, die herstel van ware nuwe lewe.

Liefde:

Die woord is grootliks identies met barmhartigheid

God en Vader:

Daar kan geen gemeente wees sonder die een God en Vader en die Middelaar Jesus Christus nie

2 Korintiërs 5:17-19

Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. (2 Korintiërs 5:17-19 AFR53)

5. Die Lofpsalm

5.1. Kort geskiedenis van sang in en rondom aanbidding

Die Jode het 'n ritmiese praatsang gehad. Dit was 'n soort singende tweegesprek tussen die liturg en die gemeente.

'**n Bedevaartslied. Kom, loof die HERE, o alle knegte van die HERE wat snags in die huis van die HERE staan! Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die HERE! Mag die HERE jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het!** (Psalm 134:1-3 AFR53)

Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid! (Psalm 118:29 AFR53)

… **die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: Loof die HERE van die leërskare, want die HERE is goed, want sy goedertierenheid is in ewigheid! - van die wat 'n lofoffer bring in die huis van die HERE; want Ek sal die lot van die land verander soos tevore, sê die HERE.** (Jeremia 33:11 AFR53)

… **En hulle het aangehef met lof en dank aan die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid oor Israel is vir ewig! En die hele volk het gejuig met groot gejuig toe hulle die HERE loof, omdat die fondament van die huis van die HERE gelê was.** (Esra 3:11 AFR53)

5.2. Verloop:

- Die ***vroeë Jode***
    - Hulle het kore geken wat tydens aanbidding opgetree het.
    - By die sang is instrumente gebruik.
    - Soms was daar van koorleiers gebruik gemaak (bv. Miriam en Asaf)
    - Die gemeente het soms in rydanse gesing: mans en vrouens in aparte rye (bv. pas na die deurtog deur die Rooi See)
- In die ***vroeë Christelike gemeentes***
    - Hulle sang het by die Romeins-Griekse kultuur aangesluit.
    - Die liturg het partykeer die eerste gedeeldeel van ’n vers gesing, waarop die gemeente dan die tweede deel van die vers gesing het.
- ***Karakter***:
    - Die vroeë kerksang was nie kunstig gekomponeerde musiek nie.
    - Sang tydens die erediens was eenvoudig en eintlik iets soos ’n singende gepraat.
    - In ons tyd bestaan die gevaar dat die musiek die sang en die inhoud kan oorheers en dat die kerklied daardeur sy religieuse betekenis kan verloor.
- Gedurende ***die Middeleeue***
    - Slegs die priesters en kore het ’n lied by die misoffer gesing.
    - Die gemeente het onmondige toeskouers en net luisteraars geword.
- Tydens ***die Reformasie***
    - Martin Luther het die voortou geneem en gemeentesang in die Duitse gemeentes herstel. Hy het self Psalms berym en gekomponeer - waarvan Psalm 46 ’n bekende voorbeeld is.
    - In Geneve het Johannes Calvyn ook baie moeite gedoen om Psalmsang tydens die erediens te bevorder. Hy het ’n voorsinger Louis Bourgeois gebruik.
    - Louis Bourgeois was die amptelike voorsinger van Geneve. Hy het baie Psalmmelodië geskryf; Maistro Pierre het ook ’n hele klompie geskryf (bv. Ps 62; 74; 84; 88 en 89)

5.3. Musiekbegeleiding en Gemeentesang

Die beginsel is en bly dat die gemeente hulle God met woorde van die sang moet ontmoet.

Spoelstra merk die volgende op (met my eie opmerkings en aanpassings ingevoeg in kursief):

- Die Hugenote en bepaalde groepe gereformeerdes in Nederland en Suid-Afrika het beswaar teen orrelbegeleiding gekoester.
- Die *voorsinger* wat soms ook *voorleser* was, het die sang in erediens gelei. ...
- Die orrelbegeleiding *(of watter soort begeleiding ookal)* behoort, net soos ’n voorsinger, die ontmoeting te lei en begelei.
- Orrelspel kan die gemeente oordonder, oorheers *en selfs uitskakel. Dit moet ten alle koste voorkom word.*
- Swak orrelbegeleiding kan ook die gemeente wat feestelik wil sing, rem, vashou en al treuriger en stadiger laat teem. *Dit doen ook skade aan die ontmoeting tussen God en sy kerkvolk.*

Spoelstra lig die moontlikheid van kerklike konflik uit wat dikwels ontstaan rondom musiekbegeleiding. So-iets breek die feitlik die totale ontmoeting met God af:

Orrelbegeleiding raak in die praktiese lewe ’n baie sensitiewe saak. Orrelbegeleiding kan die gemeente in twee kampe verdeel. Kom daar nie verandering nie, kla en ly ’n deel van die gemeente dat hulle die erediens nie as ontmoeting met God kan beleef nie. Soms wil die orreliste hulle as “kunstenaars” in die gemeente laat geld. Sodra daar met hulle oor begeleiding gepraat word, is hulle in hulle “kunstenaars”-eer gekrenk, bedank hulle, en is daar niemand anders nie. Ondertussen ly die ontmoeting van God met sy volk daaronder en die een aspek waarin die gemeente aan die woord is, die gemeentesang, kom nie van die grond af nie.

5.4. Wat is die bedoeling van gemeentesang?

By die offers is daar deur die volk gesing. Daar was selfs “formules” wat gereeld gesing is tydens die lofoffer, naamlik: **sy goedertierenheid duur tot in ewigheid.**

Gevolglik wou die reformatore die “offer van lof” in die erediens behou. Hulle het die Roomse Kerk se offeridee verwerp, maar die ***erediens*** aan die ***offer*** verbind.

Die diepste betekenis van die erediens is die “eucharistie” of danksê van die gemeente (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 38).

Iemand het eenkeer gesê: Die lofoffer is belydenis en belydenis vereis die Nagmaal en die Nagmaal vra op sy beurt volle diens (diakonia) aan die Here. Dit is het antwoord van die kerk op die verkondiging van groot blydskap.

As ons dit alles verstaan, is die vanselfsprekend dat die eerste psalm in lyn met die lofoffer en lofsange ’n lofpsalm wees.

Motivering: Dit is die oomblik wanneer die ontmoeting tussen die volk en God daargestel word. Dit verbeeld die voorreg wat sondaars geniet om God te kan en mag ontmoet. Dit kan dus nie anders nie: Dit moet groot lof en dank uit die gemeente ontlok. Hulle bewoord dit en en dra dit oor in en deur die lofpsalm. Deur die lied (lofpsalm) offer die gemeente hulle lof saam in een stem.

Wat is die karakter en inhoud van die Psalms?

- Al die *psalms* is nie lofsange nie.
- Sommige *bely skuld* (vgl. Ps 51),
- ander *bely geloof*,
- ander *gryp God aan* op sy Woord of *bring sy dade in gedagtenis*, of *verkondig God of sy werke* in die wêreld.
- Daar kom *roerende smeekbedes* in die psalms voor wat *roep om ’n antwoord* van die Here.

Die verskillende soorte psalms behoort in die liturgie sinvol en streng volgens hulle aard en karakter aangewend word.

5.5. Die Lofpsalm vervul dus ’n eie funksie tydens die erediens

Die lofpsalm behoort by die introïtus in die erediens.

- Daar is kenners van Liturgie wat dink dat die gemeente so veel liedere as moontlik in geheel moet sing.
- Die lofpsalm moet nie voorgelees word nie, omdat daar 'n groot verskil is tussen voorlees en sing: Sing is nie luister is nie.
- ’n Lofpsalm moet dus ’n ***gedagte-eenheid*** of ***gedagte-eenhede*** wees wat ons dank en ons aanbidding - in die eenheid van ons wat almal saam aanbid – na God se troon toe dra.

Die ***lofpsalm*** of die ***loflied*** moet die Skepper en Verlosser prys. Dit is een van die magtigste oomblikke in die erediens.

- Die liturg en gemeente moet dus daarteen waak dat hierdie Psalm nie (soos soms gebeur!) onnadenkend vervlak word tot die psalm wat maar gewoonlik aan die begin van die diens gesing word nie.
- Dan klink lofprysing en smeekbede, boetelied en dankpsalm sonder onderskeiding en sonder enige verskil in nuanse naas mekaar.
- Die lofpsalm is nie ’n eerste item (aanvangsitem) in ’n byeenkoms wat ons erediens noem - en wat later in ’n preek sy hoogtepunt kry nie.
- ***Hierdie lied moet die taal en emosie dra waarmee die gemeente hulle God in en deur Christus en sy Gees ontmoet.***

5.6. Die aankondiging van die Lofpsalm

Hoe die loflied aangekondig word, is belangrik.

- Die lofpsalm behoort so aangekondig te word dat dit die volk vir die ontmoeting met die Here in die erediens oproep (***introïtus***).
- Die *lofpsalm* mag nie 'n pligpleging word nie.
- Die lofpsalm moet gedra word deur die blydskap van sondaars wat hulle Here mag ontmoet omdat Hy hulle verlos het om Hom te dien en te prys en aan hulle steeds sy genade en liefde gee.
- NB: Die liturg wat die lofpsalm uitsoek en vir die gemeente opgee, moet self aangegryp wees met blydskap om die Here te kan ontmoet.

Daarom moet die liturg die bewoording vir die aankondiging van die lofpsalm reg kies:

- 'n Oproep soos "Ons loof die Here met Ps (?) verse (?)" is verkieslik bo "Kom ons sing nou saam ..."
- Dit kan egter aanbeveel word dat waar die liturgie op bordjies aangekondig word, sekere psalmsang, soos die lofpsalm en veral die skuldbelydenis of gebedspsalm na die wet, spontaan aangehef word.
- Waar dit aangekondig word, moet frases met "sing saam" vermy word.
- Dit is verkieslik om byvoorbeeld net so te begin: "Prys die Heer met blye galme ..." Ps 146; of Psalm 146:1: "Prys die Heer met blye galme, o my siel ..."

Spoelstra vra die volgende vrae:

- *Kan 'n mens anders as "saam" sing – en is die "sing" nie vanselfsprekend nie?*
- *Gaan dit om ons saamsing of om ons kommunikasie?*
- *Afwisseling is beslis nodig. Soms kan die eerste reël of twee wat die essensiële sin van lof weergee, aangekondig word en eers daarna net gesê word: "Ps 18, vers 1".*

Sommige kerke het 'n spontane lied as introïtus terwyl die dienaars inkom.

- Die lofpsalm vestig die aandag van die hele gemeente op God wat toetree in die byeenkoms.
- Die gevaar bestaan dat so 'n lied wat voor die erediens vasgestel is (of wat elke keer dieselfde ge-ykte lied is) dit kan laat lyk en klink asof die aandag op die dienaars *(predikant en ouderlinge)* wat inkom, gevestig/geplaas word - in plaas van op die Here wat ontmoet word.

5.7. Die voorlees van Psalmverse

Afwisseling en minimum woorde in die vorm van aankondiging hou die erediens vars.

- Daar bestaan geen "moet" dat die liturg die inhoud wat in die lied bewoord is, moet voorlees nie.
- Die woorde waarmee die Psalm aangekondig of voorgelees word, moet inpas by die feestelike karakter van die erediens en die funksie van die lied in daardie faset van die ontmoeting met God belig.
- Wanneer 'n reël of vers of verse voorgelees word, moet dit altyd doelbewus gebeur en duidelik vertolk word.
- Die voorlees moet die aandag van die gemeente op die sinskern van die lied vestig.
- Aframmel van psalmversies vermoor 'n erediens. Die borde wat die liturgie aandui maak 'n spontane lied moontlik.

NB:

- Wie met begrip lees, lees oor punte en kommas en versreëls heen, vertolk gedagtes en pouseer om die sin van wat gelees word, te benadruk.
- Wie grammaties lees, lees golwend reël vir reël, komma vir komma of praat-sing vers vir vers.

5.8. Die Sinode het oor die Lofpsalm die volgende besluit:

Hierdie liturgiese handeling van die gemeente as deel van die Ontmoetingsdiens het die spesifieke doel om op God se groetseën te antwoord. Dit kan ook deur die sing van meer as een loflied geskied.

5.9. Algemene opmerkings rondom Gemeentesang

Spoelstra het die volgende geskryf:

Die kerklied kom vandag op alle vlakke in die gedrang.

- *Aan die een kant word gesê dat die Ou Testamentiese psalms nie meer die taal van die "moderne" mens praat nie.*
- *Die taal is plattelands, word gedra deur respek vir gesag, aanbidding van God en volslae afhanklikheid.*
- *Die inhoud gaan om wat die mens vir God moet doen en nie genoeg oor die nut wat die mens uit die godsdiens trek nie.*
- *Die moderne mens is ingestel op selfverwesenliking, selfgelding, die pragmatiese en die demokratiese. Die psalmtaal oor dieptes van ellende en sy sonde spreek hom nie aan nie.*
- *Sommige sê die taal van die Totiusberyming (1937) het verouder.*
- *Ander sê die 16de eeuse Geneefse musiek en melodieë uit 'n tyd van oorloë, pessiektes en lae lewensgenieting, pas nie vandag in 'n tyd van radio, TV en popmusiek nie.*
- *Nog 'n ander verwys na die mooi Duitse of Engelse kerkmusiek, terwyl ons van Franse en Hollanders geërf het wat nie as komponiste uitgeblink het nie.*

Tans beleef ons die spanning tussen Geneefse psalmmusiek wat voorgeskryf word aan 'n musieksmaak van die gemeente wat baie meer by die VSA en Afrika aanleun.

- *Die deursnee Afrikaner se musieksmaak is "lig".*
- *Dit is daarom jammer dat sinodes van die GKSA op die weg gegaan het om sonder Skrifgesag bepaalde melodieë voor te skryf.*
- *Melodieë bly (gepraat, lig of diep, kunssinnig) slegs 'n medium om die woord vir 'n bepaalde individu(e) te dra.*
- *Mense se musieksmaak hang saam met hulle kultuur (Joods, Oosters, Afrika of Afrikaans).*
- *Die voorskryf van kerkmusiek wat kenners waardeer, sal*
    - *(a) nie die musieksmaak in die gemeente stimuleer of verander nie en*
    - *(b) eerder daartoe lei dat ook die woord in die psalm nie taal van die gemeente word nie.*
- *Musiek by die psalm bly draer van die Woord waarmee God in die erediens ontmoet word. Die musiek is nie die woord self nie. Die melodieë wat gebruik word, behoort hulleself deur hulle bruikbaarheid in 'n oop-kompetisie te bewys.*

6. Die Geloofsbelydenis.

Die Geloofsbelydenis dien in ons liturgie om die volk wat God ontmoet, saam te bind in die erediens.

- Daarmee gee dit aan die erediens 'n eksklusiewe karakter wat vertolk kan word dat die erediens geslote is vir nie-gelowiges.
- Die belydenis in die erediens beklemtoon dat kerkwees in die "eenheid van 'n ware geloof" bestaan (Heid. Kat. S 21; vlg. Spoelstra, 1991 en 2004).
- Die geloofsbelydenis druk meer uit as *wat die kerk leer* (dogma) - dit is 'n getuienis van geloof.
- Dit is 'n verklaring van bereidheid om met woord en daad, met dood en lewe vir Christus te staan/getuig.
- Dit is die houding van die gedoopte gemeente en moet as sodanig in die Liturgie funksioneer.
- Die geloofsbelydenis word *bely* en dus nie voorgelees of aangehoor nie. Daarom pas die staande houding daarby as teken van bereidheid om in diens van God te staan.

Die geloofsbelydenis is oorspronklik heeltemal anders aangebied en anders verstaan as wat ons dit vandag doen. Dit was 'n *doopsbelydenis*.

- Wanneer kinders en proseliete in die vroeë kerke 'n doopsbelydenis afgelê het, mag hulle toegang gekry het tot *die erediens van die gelowiges* in die nagmaal.
- Die geloofsbelydenis was dus in die liturgie inderdaad die deur tussen die *missa catechemenorum* (openbare erediens) en die *missa fidelium* (nagmaal). Die historiese gebruik om die *missa fidelium* van die *missa catechemenorum* met die *geloofsbelydenis/Credo* te onderskei, het betekenis verloor. In ons tyd word elke handeling in die erediens beskou as 'n item op homself en nie as 'n funksie in 'n geheel nie.
- Calvyn het die Twaalf Artikels net by die nagmaal gebruik het - as 'n oorgang van die *verkondigingsgedeelte* van die erediens na die *maaltydgedeelte* van die erediens.
- Die Geloofsbelydenis kan singend bely word - soos wat Luther dit laat doen het.
- Die belydenis moet nooit afgerammel word nie.

- Wanneer die Geloofsbelydenis voorgelees word, moet dit so gedoen word dat die gemeente dit saam kan bely.
- Vir sommige is dit 'n heilige gebedsoomblik.
- Daar is sommiges wat meen dat die belydenis met "Amen" moet sluit.

6.1. Die Sinode het van die volgende stellings kennis geneem:

- Die belydenis volg in die reël na die Lofpsalm. Die gemeente kan egter paslik op ander plekke in die samekoms hulle geloof bely. Byvoorbeeld by die bediening van die sakramente, as bekragtiging van die geloof van die gemeente en by die aflê van belydenis van geloof deur katkisante, kan die geloofsbelydenis liturgies goed pas.
- Die geloofsbelydenis vorm deel van die Introïtus waarmee die gemeente van gelowiges huleself as "eenheid in die ware geloof" voor God stel, mekaar versterk en teenoor die wêreld hulleself afsonder. Hiermee verklaar die gemeente sy identiteit as liggaam in een ware geloof (NGB, artt, 27 -29).

Johannes 4 : 23

Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. (Johannes 4:23 AFR53)

Heidelbergse Kategismus, Sondag 21

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?
Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).
(a)Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-l7; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:I4, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:l0. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?
Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).
(a)1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, I3; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?
Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a) wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).
(a)1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

- Aanvanklik is aan die formulering van Nicea voorkeur gegee, maar sedert die Sestiende eeu is veral die Apostolicum in die Gereformeerde Kerke gebruik. Die drie ekumniese simbole is egter gelykwaardig en is, prinsipieel gesien, almal ewe bruikbaar in die liturgie.

6.2. Die Sinodes besluit (1985 en 1997):

- Die liturgiese plek van die geloofsbelydenis is in die reël na die loflied.
- Die geloofsbelydenis kan egter ook elders aan die hand van bogenoemde riglyne liturgies sinvol en ordelik aangewend word.
- Al drie ekumeniese simbole (Twaalf Artikels of Apostolicum, die geloofsbelydenis van Nicea en die geloofsbelydenis van Athanasius) kan in die liturgie gebruik word.
- Enige van die drie liturgiese vorme (voorgelees en aangehoor, hardop saam gesê en gesing) kan gebruik word volgens plaaslike reëling.

6.3. Die Geloofsbelydenis en sang

Die geloofsbelydenis vorm in ons huidige liturgie nog deel van die introïtus. Calvyn het die Credo net by die oorgang na die nagmaal gebruik

- ***By wyse van afwisseling kan die geloofsbelydenis selfs as lofpsalm gesing word.***
- Wanneer die geloofsbelydenis saam in 'n lied as lofsang gebruik is, word dit nie weer voorgelees nie. Lofpsalm en geloofsbelydenis val dan saam.
- In sommige kerke praat die gemeente die Credo soos 'n praatkoor agter die liturg aan.
- 'n Lied na die geloofsbelydenis (nadat die 12 Artikels afgelê is) is onnodig.
    - Die gemeente is in die geloofsbelydenis, net soos in die lofpsalm, aan die woord. Waarom moet die gemeente daarna nog 'n keer met 'n lied aan die woord kom?
    - Daar is geen liturgiese regverdiging vir 'n lied daarna nie, omdat die geloofsbelydenis soos die lied woorde van die gemeente aan die Here gerig is.

7. Die skuldbelydenis

Die Wet het nie by Calvyn deel van die skuldbelydenisritueel gevorm nie.

- Hy het die Wet eerder aan die einde van die erediens as reël vir die dankbaarheidslewe gebruik.
    - Maar toe hy nog in Straatsburg was, het hy self die Tien Gebooie berym en na die skuldbelydenis en genadeverkondiging laat sing.
- Die vryspraak geskied deur tekste soos 1 Johannes 1:8-2:2; 3:4-6, ens. te lees net na die psalm met skuldbelydenis gesing is.

7.1. Verloop van die Verootmoedigingsdiens en Versoeningsdiens tydens aanbidding

Die Sinode van die GKSA het van die volgende inhoud van 'n studiestuk kennis geneem:

- Gedurende die hele samekoms beleef die gemeente die grootheid van God en erken die gemeente sy eie nietigheid en sonde. Die belydenis van sonde en die sekerheid van versoening deur die bloed van Christus kom in handelinge van die votum, die geloofsbelydenis, die voorlees van die wet, gebede, voorlesing en aanhoor van die Formuliere en die prediking voor. Omdat skuldbelydenis en versoening so 'n wesenlike faset in die liturgie is, kan dit ook 'n afsonderlike handeling in die samekoms wees.
- Hierdie faset van die liturgie omvat die nederige toetrede van die gemeente in die Heilige teenwoordigheid van God. Dit sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise (deur die voorlees van die Wet, samevatting van die wet of gepaste Skrifgedeelte), die biddende skuldbelydenis van die gemeente, die vryspraak van God, waardeur versoening kom en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid vir die versoende volk van God.
- Wanneer gelowiges in die samekoms met die Here in die heilige teenwoordigheid van die Verbondsgod kom, behoort hulle ook bewus te wees van hulle nietigheid, onwaardigheid, sondesmet en sondeskuld. Hierdie besef kan alleen in sondaarharte deurbreek deur die gemeente voor die eis van die Koninkryk te stel en deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees.
- ie besef van sondeskuld voor God dring die gemeente tot die belydenis van skuld en smet en onwaardigheid en tot smeking om vergewing van hulle sondes en om vryspraak deur God. So word die volk van God deur die plegtige gebruik om skuld te bely, geoefen in verootmoediging voor God (Calvyn: Institusie 3.4, 11). In die Skrif is die beginsel van persoonlike en gemeenskaplike skuldbelydenis onder andere te vind waar die volk, onder leiding van Esra en Nehemia, na die Ballingskap hulle skuld bely. Wanneer die skuldbelydenis deur die gemeente in 'n Psalm gedoen word.
- Op die skuldbelydenis en verootmoediging volg die smeking om genade en die beroep op die barmhartigheid van God. In die lig hiervan was Calvyn o.a. daarvan oortuig dat die skuldvergewing en die sekerheid daarvan 'n baie belangrike saak is vir die samekoms van die gemeente en die voortgang van die aanhoor van die Woord en die aanbidding van God in die samekoms. Sonder die vergewing van sonde kan daar geen gemeenskap met God wees nie. Uit Hosea2:17 en Jeremia 33:8 kan afgelei word dat God deur sy barmhartigheid ons met Hom versoen. Hy neem ons nia alleen in sy gemeenskap, die kerk, op deur versoening nie, maar bewaar en beskerm ons deur hierdie selfde vergewing en versoening. Die boodskap van versoening moet aan die gemeente verkondig word. Deur die genade van God en die offer van Christus en die heiligmaking van die Gees geskied die vergewing van sonde.
- Die skuldbelydenis en vryspraak is in ooreenstemming met gebruike van die Christelike kerk in die belangrikste periodes van die kerk. Calvyn was maar al te goed bewus daarvan dat die prediking

bediening van versoening is, maar hy wil tog ook ’n afsonderlike element in die liturgie bring, en wel aan die begin van die openbare erediens, omdat die gemeente skuldig voor God verskyn. In die eerste plek begrond Calvyn hom op dieSkrif, maar hy wil ook terugkeer tot die gebruike van die Vroeë Kerk, met die afwysing van die deformasie wat in die loop van die tyd ingetree het. Hy haal dikwels aan uit die Apostoliese Vaders en die Kerkvaders, omdat hy oortuig was dat hulle nog meestal in die Skriftuurlike lyn beweeg. In hierdie tyd is daar dikwels sprake van openbare belydenis van sonde en veral van verootmoediging voor God. In die Didache kom byvoorbeeld die volgende uitspraak voor: “Bely in die gemeente julle sonde en nader nie tot die gebedsamekomste met ’n slegte gewete nie.” Asook: “Vier julle Nagmaal nadat julle julle sonde tevore bely het, sodat julle offer rein kan wees.”

- In die Roomse liturgie word die openbare skuldbelydenis verdring deur die bieg, maar by die Reformatore kry dit weer ’n plek: by Zwingli na die preek aan die einde van die diens, maar by Calvyn aan die begin van die diens. Hy volg Bucer na wat in Straatsburg gesê het: “Laat die Sondagse diens in aanvang neem met ’n gemeenskaplike skuldbelydenis.”
- Die belydenis en vergewing van sondes hang baie nou saam. Bucer gaan daarin voor en Calvyn volg hom in Straatsburg. Bucer grond hom op 1 Timoteus 1:15 dat Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red. By Bucer en Calvyn is die vryspraak van sonde gegrond op die feit dat God ’n vergewende God is, wat sonde kwytskeld wanneer daarom gebid en daarvoor gedank word.
- Calvyn kon ten spyte van teenstand teen sy liturgie en die prysgawe van belangrike elemente van Straatsburg af tog in Geneve die skuldbelydenis en vryspraak behou. In aangrypende woorde word skuld net na die votum bely , berou uitgespreek en om genade gesmeek. Maar hy moes later die woorde van vryspraak en troos weglaat. Calvyn skryf drie jaar voor sy dood dat hy dit moes weglaat omdat hy van die inbring van “nuwighede” beskuldig is, maar dat die “nuwighede” net nuut is wanneer jy dit met Farel se liturgie vergelyk. Dit is “oud” omdat dit reeds by die eerste kerk voorgekom het.
- In enkele vlugtelinggemeentes bly Calvyn se invloed bestaan, veral ook onder Knox in Skotland. Datheen volg in hoofsaak Calvyn se beginsels van Straatsburg, maar in 1581 (Middelburg) word die elemente van skuldbelydenis en vryspraak, onder die invloed van Caspar van der Heyden, weggelaat. So bly dit in Nederland en word dit na Suid-Afrika oorgedra. Eers aan die einde van die negentiende eeu gaan die stem van Kuyper hiervoor op, maar daar is nie besluite om dit in die liturgie ’n plek te gee nie. In Gereformeerde Kerke oor die wêreld het hierdie elemente weer ’n plek gekry in die laste paar dekades van hierdie eeu.

7.2. Beginselmatige besinning rondom Skuldbelydenis en Versoening

Die skuldbelydenis gaan terug tot op die sinagoge-dienste en skuldbesef gaan terug op die brand- en skuldoffers in die tempeldiens.

Calvyn wou in die liturgie altyd met die konkrete gemeente reken en die liturgie laat aansluit by die konkrete lewe.

- Die liturgie moet verband hou met die daaglikse handel en wandel van die gemeente.
    - In die ontmoeting met God moet ons eerste kwytraak wat ons van Hom vervreem en ons die grootste leed aandoen: dat ons sondaars is.
- Die skuldbelydenis betrek die daaglikse lewe in ’n besondere sin by die erediens. Daarom het die aard van die gemeente ‘n invloed op die liturgie.
    - Die erediens is liturgiese gebeure (die volk van God in aksie terwyl hulle aanbid). Dit is nie ’n statiese vorm van “godsdiensoefening” nie.
- Daarom moet die skuldbelydenis gevolglik ‘n werklike skuldbelydenis handeling van die gemeente wees waarby hulle konkrete lewe in die week betrek word.
- Die skuldbelydenis is ingelei met “Laat ons voor die Here ons skuld bely”. (Die Gereformeerde belydenisformule (in die gebed in die Psalmboek) sou via Beza uit Straatsburg kom.)

Die Roomse kerk het die skuldbelydenis met die bieg uit die erediens gehaal.

- Die Reformasie het met die Roomse sakrament van boetedoening gebreek.
- Die Reformasie het probeer om by die Vroeë Kerke aan te sluit met skuldbelydenis en vryspraak (absolusie) as element in die erediens.
- Vir die skuldbelydenis is dit van die allergrootste belang om betekenis oor te dra.
- By ’n opregte skuldbelydenis pas allermins toesprake oor die liturgie of ’n lighartige stemtoon.

In die Vroeë Kerke en in die Reformatoriese liturgie het skuldbelydenis ’n belangrike plek in die eerste gedeelte van

die erediens gevorm.

- In die *introïtus* het die erediens in die vroeë kerke en tydens die Reformasie gewoonlik in skuldbelydenis oorgegaan.
    - Oorspronklik is die skuldbelydenis in ’n vaste gebed gedoen. Die skuldbelydenis in ’n gebedsformule (formulier gebede) gedoen.
    - Hierdie gebede was nie lank nie en net op die skuld gerig hoewel daarmee ten volle met die doop rekening gehou is wat verkondig en bekragtig dat die sonde vergewe is.
    - ***In die skuldbelydenis gaan dit dus oor heiligmaking op grond van regverdigmaking.***
- Na die skuldbelydenis het die gemeente die Kyrie Eleison (Here, erbarm U oor ons!) aangehef.
- Daarop is die vryspraak uit die Skrif verkondig.
- Op die vryspraak het die Groot Gloria van die engelesang gevolg. Hierdie doksologie is in die Lutherse Kerk bewaar.

7.3. Die Psalm na die Wet

- Die gebruik om ’n psalm na die Wet te sing, vorm nog deel van die oorspronklike skuldbelydenis in die erediens.
    - Die psalm na die Wet moet skuld bely, of genade verkondig of nuwe lewe in verband met die wet beloof.
    - Die liturg moet hom dus in die skuldbelydenis en liturgie inleef.
        - Vir die skuldbelydenis is die wyse waarop die liturg die lied aankondig, en die sin daarvan benadruk, van die allergrootste belang om betekenis oor te dra.
        - Die liturg moet die skuldbelydenis sò oordra sodat die gemeente hulle Here - nadat hulle sy wet gehoor het - met die psalm in skuldbelydenis en sekerheid van genade kan ontmoet en aanspreek.
- Omdat die skuldbelydenis sowel as die genadeverkondiging in ons liturgie verswak het, is die Psalm na die Wet woorde waarmee die gemeente met hulle God praat. Die psalm is daarom baie belangrik.
    - Die meeste Psalms is gebede (Calvyn). In talle Psalms kom skuldbelydenis aangrypend voor en ander bely die Wet as motief vir nuwe lewe op aangrypende wyse (vgl. Ps 119).
    - Die inhoud van Psalms pas by die karakter van skuldbelydenis, genadeverkondiging of die gawe van genade in ’n nuwe lewe.
    - Hier kan die sing van net een strofe “te min” betekenis oordra.
    - *Die ideaal is dat die gemeente hierdie inhoud belewe. Wanneer die gemeente spontaan aan die woord kom, doen dit meer reg aan die funksie van die Psalm as skuldbelydenis.*
- Indien die psalm na die Wet aangekondig word, moet dit voor die lees van die Wet gebeur om die lees van die Wet en psalm tot ’n eenheid te verbind.
- Hier sou die woorde soos “ons sing na die Wet Ps(?)” glad nie pas nie. Talle predikante sê: “Ons antwoord op die Wet met Ps (?)”. Dit is beter as om te sê “sing”, maar is ook nie gewens nie.
    - Die clichè stel die gemeente te veel voor die Wet en te min voor die Here God van die Wet.
    - *Die gemeente se lewe moet hulle antwoord op die Wet wees.*
    - Die aankondiging moet gevolglik afgewissel word met byvoorbeeld: “Na die Wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing (nuwe lewe, versoening, die wil van God, ens. na gelang die inhoud van die psalm saamgevat word) met Ps (?)”.
    - Die aankondiging moet kort en skerp wees en net die doel stel.
    - Die Psalm word niè voorgelees nie omdat dit indruis teen sy funksie in die skuldbelydenis of genadeverkonding. *(Predikante moet oppas vir liturgielesings of opgesmukte frases by hulle aankondigings wat aandag op hulleself, die teologie rondom die erediens of die sing plaas, pleks van die liturgiese sin van die handeling te laat deurkom.)*

7.4 Sinodebeluite van die GKSA rakende Verootmoedigingsdiens en Versoeningsdiens

- Na die ontmoetingsdiens is die gemeente sterk bewus van die Heilige volmaaktheid van God, wat in skerp teenstelling is met die gemeente se sonde, ellende en onwaardigheid. Hierdie teenstellingmoet en wil die gemeente voor God erken en bely (Jesaja 6:3-7) en so word die ootmoed voor die Here gestel. Hierdie besef kan alleen in sondaarharte deurbreek deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees.
- Die belydenis van skuld is noodsaaklik sodat die ontmoeting van die Heilige God met sy gemeente in versoening kan plaasvind. Dan kan die Heilige God op ’n innige wyse met sy gemeente en sy gemeente

met Hom verkeer. Dit versterk vroeg in die liturgiese gang van die samekoms troos en vrede in die gemeente. Dit versterk die gemeente se vrymoedigheid om in die teenwoordigheid van die Here te verkeer, na Hom te luister en Hom aan te spreek.

- Gedurende die hele samekoms beleef die gemeente die grootheid van God en erken die gemeente sy eie nietigheid en sonde. Die belydenis van sonde en die sekerheid van versoening deur die bloed van Christus kom in die handelinge van die votum, die geloofsbelydenis, die wetslesing, die gebede en die prediking voor. Omdat skuldbelydenis en versoening so 'n wesentlike faset in die liturgie is, kan dit ook 'n afsonderlike handeling in die samekoms wees.
- Die verootmoedigings- en Versoeningsdiens omvat die nederige toetrede van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van God. Dit sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise, die skuldbelydenis van die gemeente, die vryspraak van God en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid vir die versoende volk van God.
- Die gemeente kan met sekerheid weet en dit daarom hoor in die vryspraak dat die Here, op grond van die verdienste van Christus, hulle vergewe het. Die vryspraak moet verkondigend gedoen word en moet op die skuldbelydenis volg.
- Saam met die genadeverkondiging kan ook die waarskuwing wees dat hulle wat nie berou het nie en onbekeerd bly voortleef, die dreiging van straf en oordeel oor hulle bring. So kom dit in die Nagmaalformulier voor.
- Hierdie elemente van skuldbelydenis en vryspraak in die liturgie kan nie op 'n vaste patroon, bloot vir roetinedoeleindes voorgeskryf word nie. Die kerkrade moet daaroor besin, die gemeente inlei in die noodsaak en genadegawe daarvan, en dit na goeie oordeel inpas. Die elemente kom in die prediking en in die formuliere (veral Nagmaal) voor. Dit kan aan die begin van die erediens, maar ook in sekere gevalle in die prediking, gebede en Formuliere en selfs aan die einde van die erediens voorkom. Die beginsel van vryheid van kerke geld hier en daarom is bogenoemde nie voorskriftelik nie. Kerke wat wel hierdie elemente in die liturgie wil handhaaf, het vryheid daartoe. Die gemeente moet in alle gevalle goed ingelig wees.

7.5 Die lees van die Wet neem in ons liturgie sy plek in die Skuldbelydenis in.

Die Sinode se besluit t.o.v. die lees van die Wet:

Die voorlesing van die Wet, as kenbron van ellende, as tugmeester tot Christus en as reël van dankbaarheid het 'n plek in die deel van die verootmoedigings- en versoeningsdiens. As Verbondsgemeente moet die gemeente die Wet in sy geheel ten minste een maal op die Rusdag aanhoor as bekragtiging van die verbondsverhouding met God. Die voorlees van die Wet uit Exodus 20 en Deuteronomium 5 beklemtoon die Wet as geheel. Ander Skrifgedeeltes kan die Wet se beloftes en eise as Verbondsboek na vor bring, Bv. Efesiërs 4:25 - 5:3; Romeine 12:9 – 21; dele uit die Bergrede en Kolossense 3:5 – 17 en kan aanvullend saam met die Wet gebruik word.

7.6 Verarming

Hierdie aspek van die vroeë Christelike en Reformatoriese liturgie naamlik Openbare Skuldbelydenis en Vryspraak voordat die "bevryde kerk" sy taak om die lof van God te verkondig aanpak, het in ons liturgie grootliks verlore gegaan.

- Dit is beslis 'n gebrek in ons huidige liturgie dat skuldbelydenis (en absolusie) in 'n lang gebed verdwyn.

Spoelstra (2004) maak die volgende opmerking: *Die verdwyning van doelbewuste skuldbelydenis het ons liturgie verarm. In die formuliergebed is die skuldbelydenis weggesteek in 'n lang gebed voor die preek. Vandag raak die besef van skuld en onmag tot die goeie vir psigoloë soos 'n rooi doek vir 'n bul omdat die Calvinistiese "skuldkomplek" sogenaamd die "selfbeeld" afbreek. Dit verbaas dus nie dat die deurleefde skuldbesef, skuldbelydenis en verlustiging in skuldbevryding uit die liturgie verdwyn het nie.*

Die Sinode van die GKSA het van die volgende riglyne kennis geneem (m.a.w. dit aangehoor, maar nie verwerp of aanvaar nie):

Enkele riglyne vir die toepassing van hierdie beginsels is:

- Die eis van God word deur 'n Skrifwoord voorgestel, bv. Die liefdesgebod of Jakobus 2:10, 11.
- Skrifgedeeltes wat verder gebruik kan word vir die bring tot verootmoediging en skuldbesef:

Esra 9:5 – 10

5 ¶ Maar op die tyd van die aandoffer het ek opgestaan uit my verootmoediging; en terwyl ek my kleed en my mantel skeur, het ek op my knieë my gebuig en my hande uitgebrei na die HERE my God 6 en gesê: My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregtighede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog. 7 Van die dae van ons vaders af tot vandag toe is ons in 'n groot skuld, en oor ons ongeregtighede is ons self, ons konings, ons priesters oorgegee in die hand van die konings van die lande, aan die swaard, aan gevangenskap en aan plundering en beskaming van die aangesig soos dit vandag is. 8 En nou was daar vir 'n klein oomblik genade van die kant van die HERE onse God, om vrygeraaktes vir ons te laat oorbly en ons 'n pen te gee in sy heilige plek, sodat onse God ons oë verhelder het en ons 'n bietjie verademing geskenk het in ons diensbaarheid. 9 Want slawe is ons; in ons slawerny egter het onse God ons nie verlaat nie, maar Hy het ons guns laat vind voor die konings van Persië, sodat hulle ons verademing geskenk het om die huis van onse God weer op te rig en sy puinhope te herstel en ons 'n muur te gee in Juda en Jerusalem. 10 En wat sal ons nou ná hierdie dinge sê, onse God? Want ons het u gebooie verlaat (Esra 9:5-10 AFR53)

Psalm 32:2-5

2 Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. 3 Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; 4 want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed. Sela. 5 My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela. (Psalms 32:2-5 AFR53)

Psalm 38:1-5

1 ¶ 'n Psalm van Dawid, by die gedenkoffer. (38:2) o HERE, straf my nie in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie. 2 (38:3) Want u pyle het in my ingedring, en u hand het op my neergedaal. 3 (38:4) Daar is geen heel plek in my vlees vanweë u grimmigheid nie; daar is niks gesond in my gebeente vanweë my sonde nie. 4 (38:5) Want my ongeregtighede gaan oor my hoof; soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword. 5 (38:6) My wonde stink, hulle dra vanweë my dwaasheid. (Psalms 38:1-5 AFR53)

Psalm 51:3 - 14

3 (51:5) Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. 4 (51:6) Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. 5 (51:7) Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. 6 (51:8) Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. 7 ¶ (51:9) Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. 8 (51:10) Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. 9 (51:11) Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. 10 (51:12) Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. 11 (51:13) Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. 12 (51:14) Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. 13 (51:15) Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer. 14 ¶ (51:16) Red my van bloedskuld, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. (Psalms 51:3-14 AFR53)

Psalm 51:19

(51:21) Dan sal U 'n welbehae hê in die offers van geregtigheid, in brandoffer en voloffer; dan sal hulle stiere offer op u altaar. (Psalms 51:19 AFR53)

Psalm 130:1 - 8

1 ¶ 'n Bedevaartslied. Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE! 2 Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smekinge. 3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? 4 Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word. 5 ¶ Ek wag op die HERE; my siel wag, en ek hoop op sy woord. 6 My siel wag op die Here meer as wagters op die môre, wagters op die môre. 7 Wag op die HERE, o Israel! want by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is daar veel verlossing; 8 en Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede. (Psalms 130:1-8 AFR53)

Jesaja 59:1-3

1 ¶ Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; 2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. 3 Want julle hande is met bloed bevlek en julle vingers met ongeregtigheid; julle lippe spreek leuen, julle tong fluister onreg. (Jesaja 59:1-3 AFR53)

Jakobus 4:3-10

3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring. 4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. 5 Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon? 6 Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. 7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. 8 Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! 9 Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydskap in bedruktheid. 10 Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog. (Jakobus 4:3-10 AFR53)

1 Petrus 1:13-25

13 ¶ Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. 14 Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. 15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, 16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. 17 En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; 18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, 19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, 20 wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, 21 julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees. 22 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; 23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. 24 ¶ Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, 25 maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is. (1 Petrus 1:13-25 AFR53)

1 Johannes 1:5-2:5

5 ¶ En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. 6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. 7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. 8 ¶ As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. 9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. 10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie. 1 ¶ My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. 2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. 3 ¶ En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. 4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. 5 Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. (1 Johannes 1:5-2:5 AFR53)

1 Johannes 2:15-17

15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. 16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. 17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig. (1 Johannes 2:15-17 AFR53)

- Die verootmoediging kan deur gepaste Bybeltekste (voorgelees deur die voorganger) of liefs ’n Psalm deur die gemeente geskied: Psalm 6; 25; 32; 38; 51; 53 en 130
- By die genadeverkondiging is onder andere die volgende tekste van toepassing:

1 Johannes 1:9

> **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.** (1 Johannes 1:9 AFR53)

Esegiël 36:26-27

> **26 En Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee. 27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.** (Esegiël 36:26-27 AFR53)

Romeine 5:1

> **Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;** (Romeine 5:1 AFR53)

Romeine 8:1-2

> **1 ¶ Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. 2 Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.** (Romeine 8:1-2 AFR53)

- By die waarskuwing vir oordeel indien die genade verwerp word, onder andere:

Johannes 3:18

> **Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.** (Johannes 3:18 AFR53)

Johannes 3:36

> **Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.** (Johannes 3:36 AFR53)

Hebreërs 10:28-29

> 28 **As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; 29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?** (Hebreërs 10:28-29 AFR53)

8. Die Woorddiens

8.1 Skriflesing:

8.2 Die Epiklesegebed

In die reformatoriese liturgieë is gebid dat die Heilige Gees die gemeente sal verlig sodat hulle die Skrif sal ontvang, verstaan en daarna sal luister. (In talle liturgieë was daar talle doelgerigte kort bepaalde gebede (collecta)).

- ’n Epiklesegebed voor die Skrif gelees word, sou in die erediens op sy plek wees om die “majesteitlike” funksie (van der Walt, 1982:48) van die gelese Woord te dien.
- Net soos by die skuldbelydenis het die epiklesegebed in ons liturgie verdwyn en hoogstens ’n paragraaf binne die lang gebed voor die preek geword (vgl. van der Walt, 1982:56).
- Daar kan besin word of die een lang gebed voor die preek nie liewer weer in meer as een doelgerigte gebed (soos meer as een geheel in die doop- en nagmaalsformuliere) opgebreek moet word nie.
- Die Woord van God is so belangrik dat ’n epiklesegebed by die oopmaak daarvan gepas is.

8.3 “Amen” van die gemeente

Amen is ’n *antwoord*, ’n instem met die lofprysing, met die seën, met belofte, met die woord wat daar verkondig word.

- Die “amen” sou in die mond van die gemeente pas na die Skriflesings. Dit is ‘n “amen” op wat die Gees in die Woord aan die gemeente sê.
- “Amen” is dus nie prerogatief van die “voorbidder” nie, maar hoort by die “bijeengekomen gelovigen”.
- C. Trimp sê dat “Amen” ’n ver pad saam met “Halleluja” in alle tale met die liturgie kom en sy plek in die erediens gekry het omdat dit die antwoord van die gemeente is op wat God in Christus gedoen en toegesê het. Daarom word “amen” telkens in die Nuwe Testament gebruik.
- Hieronymus het gesê dat die “Amen” van die volk in die Romeinse basiliken “weerklonk als de donder van de hemel” (Trimp, 1983:98).

Die “amen” het egter later uit die mond van die volk “verstom” toe die Roomse priester dit in ‘n “onskriftuurlike sakramentalisme” uit die mond van die “leke” geneem het.

- In die Roomse erediens het die priester alle take, ook die liturgiese regte en pligte oorgeneem wat vroeër by die gemeente tuis gehoort het.
- In die gangbare liturgie by ons word “amen” ook net as “signaal” van die voorganger ervaar (Trimp, 1983:95-98) sodat die liturgiese “amen” sy betekenis van sekerheid, vastigheid, regskrag, geldingskrag verloor het.
- Oorspronklik was “amen” ’n uitdrukking van geloof waarmee twyfel uit die hart verdryf is.
- Trimp pleit daarom dat die *antwoord-karakter* van “amen” herstel moet word en aan die gemeente terug gegee moet word tot beter verstaan en beleef van die erediens (Ibid:100).

8.4 Die Skriflesings as spreke van God

Die Skriflesings het in die sinagoge begin, na die ballingskap.

- Die Ou Testament is in drie dele gedeel sodat die hele Ou Testament drie-jaarliks met capita selecta deurgelees kon word (Lukas 4:16,17).
- Daarnaas kon soms ook volgens vrye keuse voorlesings deur enige bekwame gemeentelid plaasvind (Lukas 4:16–20; Handelinge 13:15; 1 Korintiërs 14:1-19; 28-31).

Die Briewe is geskryf om gewoonlik in meer as een gemeente gelees en gebruik te word (Kolosense 4:16; 2 Petrus 3:15,16).

- Die gebruik om die Ou Testament en Nuwe Testament in eredienste voor te lees ontleen ons aan die vroeë kerke.
- Van die Duitse Lutherse kerke reik vandag nog ‘n “lectionary” of jaarprogram van Skrifgedeeltes uit om tydens die erediens voorgelees te word en daarmee saam “preaching texts” waaruit in dieselfde erediens gepreek kan word.
- Luther wou skriflesings slegs met die oog op die preek toelaat, waarskynlik om die onderrig in die waarheid en teen Rome te benadruk (Bieritz, 1991:37v).
- Die Skriflesings moet in die erediens primêr die aanbidding dien en nie ’n onderwysgeleentheid word nie.
- Skriflesing volgens ‘n vasgestelde jaar program skep duidelik die indruk dat God praat en bied die geleentheid om perikope se sien en betekenis tematies uit te lig (Ibid:38,42).
- Die Ou Testament en Nuwe Testament is dikwels saam gelees. Later is die Ou Testament verwaarloos. Skriflesings “can stand on their own without further clarification” (Ibid:43).
- Die Skriflesings het dus van baie vroeg af ‘n selfstandige plek gehad en ’n eie liturgiese funksie vervul (vgl. verwysings by van der Walt, 1982:46v).

8.5 Die selfstandige Skriflesings

In die liturgie van Straatsburg is tot drie maal uit die Skrif gelees:
* een uit Briewe,
* een uit Evangelies
* een met die oog op prediking.
* Calvyn onderskei ook tussen *lees van Skrif en preek van Skrif* (van der Walt, 1982:47).

By Dordrecht 1574 het die Nederlandse kerke van die gebruik begin afwyk.

Van der Leeuw sê: "*De Schriftlezing in den eredienst is geen onderricht in de Heilige Schrift, geen catechisatie … zij is verkondiging van Gods Woord. God spreekt tot de gemeente. Dat is met een voorlezing, maar een gebeuren, een daad ... God treedt in het leven van de gemeente met zijn heilig Woord ... De Schriftlezing heeft dus een sacramenteel karakter ... Zij dient dan ook niet ter voorberei-ding van de preek ... Zij is in wezen evangelie, blyde boodschap, proclamatie, dat God het koningschap heeft aanvaard" (*p 170).

8.6 Juis die Skriflesing het in moderne liturgiese eksperimente begin sneuwel.

- In talle van die GKSA word net na die skuldbelydenis (Wet en psalm) die algemene gebed opgestuur sodat die Skriflesing (dikwels op versoek van die kerkraad) aan die preek gekoppel kan word.
- Hierdie benadering bewys dat die gereformeerde liturgie die verkeerde indruk gevestig het dat
    - (a) die Skriflesing om die preek gaan en
    - (b) dat die Skriflesing ook aan die preek (en so aan die predikant) ondergeskik geraak het.

Wat gebeur werklik? Dit: Die ontmoeting met God veronderstel dat Hy met die volk praat.

- Hy praat regstreeks met die Woord.
- Die vroeë Joodse Christene neem diè positiewe gebruik uit die sinagogediens oor:
    - Omdat geskrewe Bybels skaars was en baie mense nie kon lees nie, het Skriflesings die rol vervul wat Bybellees vandag vir die individu of gesin vervul.
- Daar is dus vandag twee standpunte:
    - Diè van selfstandige Skriflesings en
    - Diè van voorlees met oog op preek (Van der Walt, 1982 : 46).
    - Skriflesing geskied gewoonlik uit kerklik-goedgekeurde vertalings (Totius, 1977:17; KGSA 1882 art 189).

Van der Walt (1982:47) lewer tereg 'n pleidooi dat die Skrif in "openbaringshistoriese" siklusse volgens uitgesoekte dele of 'n voor-af uitgewerkte program teruggebring word.

- Dit mag die saambring van Bybels meer sinvol maak en direk die Bybelse boodskap inskerp.
- Daar is vandag baie te sê vir selfstandige Skriflesing in die erediens, al besit die meeste mense Bybels.
    - Weinig mense gebruik hulle Bybels gereeld en allermins stelselmatig.
    - Groot dele van die Bybel bly in baie huise geslote (vgl. navorsing van prof. Hentie Boshoff na die kennisvlak onder weermagdienspligtiges en universiteitstudente).
    - Mense wat gereeld eredienste bywoon ken dikwels nie meer die verband tussen die Ou Testament en Nuwe Testament nie en lees moontlik nooit meer uit die Ou Testament nie.
    - Die vraag is byvoorbeeld vandag of die gemis aan selfstandige, stelselmatige capit selecta in liturgiese Skriflesings nie alreeds die Ou Testament as basis vir die Nuwe Testament by die gemeente verlore laat gaan het nie.
    - Wanneer 'n selfstandige Skrifleesprogram tydens die erediens openbarings-histories beplan word, kan perikope uit die Ou Testament en Nuwe Testament gelees word wat bymekaar aansluit, Bybelboeke agtereenvolgens betrek word, ens.
- Slegs kort sinvolle afgeronde perikope moet gelees word.

In talle kerke is daar vandag talentvolle voorlesers en selfs kunstenaars. Indien die selfstandige Skriflesings volgens 'n jaarprogram teruggebring word, kan ook die diens van 'n bekwame "lektor" (voorleser) teruggebring word.

8.7 Die funksie van die Skriflesing

Die aksent in die erediens moet duidelik op die God wat deur die Woord met sy volk praat, geplaas word. *Skriflesing* staan hoër as die *prediking* en moet 'n *hoogtepunt* in die ontmoeting met God verteenwoodig (van der Walt, 1982:48).

- Skriflesing staan sentraal in die kommunikasiegebeure tussen God en die kerkvolk.
- Die Skrif moet nie gelees word om te preek nie, maar omdat die Skrif gelees is, kan daar gepreek word en

"de preek richte zich naar de Schriflezing".

Spoelstra kies vir die standpunt dat minstens twee maal uit die Skrif gelees word: een selfstandige perikoop en een perikoop by die teks en preek.

- Die Skriflesing – veral waar Skrif ter wille van Skrif gelees word – moet *lewendig* en met nadruk die sin as *Gods Woord* vir die gemeente weergee.
- Die Skriflesing moet met toon en nadruk en pouses sê wat God vir die gemeente wil sê.
- Die prediker kan met groot vrug sy preek by die Skrifleesprogram vir die betrokke Sondag laat aansluit en so Skrif met Skrif vergelyk (Du Toit, 1977:27; Jooste, 1957:28). Van der Leeuw sê onder andere: "*Het is belangrijker, dat de Schrift gehoor wordt dan dat de preek drie minute langer is*" (1946:173).

9. Die Woordbediening

9.1 Die Woordverkondiging as erediens

Die teksverwysings wat op die Skriflesings in die sinagoges en vroeë kerke dui, toon ook aan dat uitleg en toepassing van die Woord in die gemeentelike samekomste geskied het vgl. Lukas 4:15, 21e.v.; 1 Korintiërs 14:19, 23-31.

Lukas 4:15

en Hy het in hulle sinagoges geleer en is deur almal geprys. (Lukas 4:15 AFR53)

Lukas 4:21-29

Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul. En almal het vir Hom getuienis gegee en was verwonderd oor die aangename woorde wat uit sy mond kom; en hulle sê: Is Hy nie die seun van Josef nie? En Hy antwoord hulle: Julle sal My ongetwyfeld hierdie spreekwoord toevoeg: Geneesheer, genees uself! Alles wat ons hoor wat in Kapérnaüm gebeur het, doen dit hier in u vaderstad ook. En Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, geen profeet is aangenaam in sy vaderland nie. Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elía toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land, en na nie een van hulle is Elía gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na 'n weduwee. En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van Elísa, die profeet, en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Naäman, die Síriër. En almal in die sinagoge is met woede vervul toe hulle dit hoor; en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was, om Hom van die krans af te gooi. (Lukas 4:21-29 AFR53)

Die liturgie in byeenkomste van die vroeë kerke was egter nie soortgelyk aan liturgie in ons huidige eredienste en prediking nie.

- So was die liefdesmaaltye (Handelinge 2:44-47; 4:32; 1 Korintiërs 11:18, 33e.v.) byvoorbeeld 'n breër byeenkoms waar tydens op 'n bepaalde moment Nagmaal gevier kon word (Handelinge 2:46; 1 Korintiërs 11:20-26, 33).
- So het tydens die gemeentelike samekomste vorme van Woordverkondiging plaasgevind wat ons vandag met preek, evangelisasie (sending), kategese en opvoeding sou weergee (Handelinge 11:26).

Handelinge 2:44-47

En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. (Handelinge 2:44-47 AFR53)

1 Korintiërs 11:18

Want in die eerste plek hoor ek dat, as julle saamkom in die gemeente, daar skeuringe onder julle is, en gedeeltelik glo ek dit. (1 Korintiërs 11:18 AFR53)

1 Korintiërs 11:33-34

> **Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar; en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.** (1 Korintiërs 11:33-34 AFR53)

1 Korintiërs 11:20-26

> **As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die Nagmaal van die Here eet nie. Want as julle eet, gebruik elkeen eers sy eie ete; en die een het honger en die ander is dronk. Het julle dan geen huise om in te eet en te drink nie? Of verag julle die gemeente van God, en maak julle dié beskaamd wat nie het nie? Wat sal ek vir julle sê? Sal ek julle prys? Hierin prys ek julle nie. Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.** (1 Korintiërs 11:20-26 AFR53)

Handelinge 11:26

> **En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem.** (Handelinge 11:26 AFR53)

Die erediens hou verband met bepaalde momente in die samekomste by die tempel:

- So 'n voorbeeld is 'n moment waar "brood gebreek" is: Handelinge 2:46.

  En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, (Handelinge 2:46 AFR53)

- Ook tydens breë liefdesmaaltye is op 'n bepaalde moment "brood gebreek, veral op die momente van gebed en prys (aanbidding) van God (Handelinge 2:47; 8:3,4; Hebreërs 10:25).

Handelinge 2:47

> **terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.** (Handelinge 2:47 AFR53)

Handelinge 8:4

> **En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig.** (Handelinge 8:4 AFR53)

Hebreërs 10:25

> **en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.** (Hebreërs 10:25 AFR53**)**

- Luther beskou (Beiritz, 1991:37) die preek as die sentrum en klimaks van die erediens (vgl. O Noordmans). Ander soos Calvyn egter sien die preek as een element van 'n erediens wat die gemeente oproep om oor te gaan en Nagmaal (kommunie) te vier (vgl. G. van der Leeuw, 1946 en Brienen, 1987).

Vir die vroeë kerke en vir Calvyn trek die erediens saam in die Nagmaal. Prof Jan van der Walt merk hieroor die volgende op:

- Vir baie het die preek die eintlike erediens geword.
- Dit is 'n jammerlike verarming van die gemeente se eie omgang met God en belewenis van God se bemoeienis met hulle in die hele erediens (van der Walt, 1982:59).
- 'n Mens kan byvoeg dat hulle daarmee die erediens as 'n ontmoeting met die predikant en 'n preek in plaas van 'n ontmoeting met die God van die Woord ervaar.

9.2 Die preek as liturgiese handeling

Klaarblyklik het gesagvolle gesante van God in die vroegste Christelike gemeentes die “preek” of bediening van die Woord van God sowel as die gebede bedien:

Handelinge 6:2-4

> **En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.** (Handelinge 6:2-4 AFR53)

2 Timoteus 4:1-4

> **Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.** (2 Timoteus 4:1-4 AFR53)

2 Petrus 1:19-21

> **En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.** (2 Petrus 1:19-21 AFR53)

Die Woord is egter ook onderling in die samekoms van die gemeente gepraat en uitgelê.

1 Korintiërs 14:1-19

> **Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer. Want hy wat in ’n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar deur die Gees spreek hy verborgenhede. Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging. Hy wat in ’n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente. Ek wens dat julle almal in tale spreek, maar nog liewer dat julle profeteer. Want hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale spreek, of hy moet dit uitlê, sodat die gemeente stigting kan ontvang. Maar nou, broeders, as ek na julle kom en in tale spreek, tot watter nut sal ek vir julle wees as ek nie met julle spreek óf deur ’n openbaring, óf deur kennis, óf deur profesie, óf deur lering nie? Net soos met lewelose dinge wat ’n klank gee, ’n fluit of ’n siter, as hulle nie ’n onderskeid in toon laat hoor nie, hoe sal ’n mens weet wat op die fluit of siter gespeel word? Want as die basuin ook ’n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die oorlog? Net so julle ook, as julle met die tong geen verstaanbare woord uitbring nie, hoe sal ’n mens weet wat gespreek word? Want julle sal wees soos mense wat in die wind praat. Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en geeneen daarvan is sonder klank nie. As ek dan die betekenis van die klank nie ken nie, sal ek vir die spreker ’n vreemdeling wees, en die spreker sal vir my ’n vreemdeling wees. So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente. Daarom moet hy wat in ’n taal spreek, bid dat hy dit kan uitlê. Want as ek in ’n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing. Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van ’n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie? Want jy dank wel goed, maar die ander een word nie gestig nie. Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal; maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in ’n taal.** (1 Korintiërs 14:1-19 AFR53)

Die openbaring in die Nuwe Testament toon dat die samekoms van die gemeente, die erediens, die eenheid van die liggaam van Christus openbaar:

Handelinge 2:42–47

> **En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens het deur die**

apostels plaasgevind. En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. (Handelinge 2:42-47 AFR53)

Handelinge 4:32-33

En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad. En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. (Handelinge 4:32-33 AFR53)

NGB 29

Die kenmerke van die ware en die valse kerk

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle en onregte die naam kerk toe-eien. Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is; maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf – kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.

Wat die valse kerk betref: Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.

Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.

9.3 Gemeenskap met God in die erediens

Die *gemeenskap* met God en met mekaar het op baie maniere na vore gekom, maar liturgies veral in die geslote kommunie (Nagmaal) aan die Nagmaaltafel na vore getree. So is Christus "verkondig" (vgl. Nagmaalformulier).

- By Calvyn het die bediening van Woord (kansel) en sakrament (tafel) weer die kern van die erediens soos in die vroeë kerke herstel. *(Brienen (1987:232) stel dit so: "dat Woord en Avondmaal, kansel en tafel saam horen". Hierby sluit Timmer aan; wanneer hy praat van die "furniture" in die gereformeerde erediens, die kansel en tafel, sê hy: "Let me tell you future church leaders something . . . Don't think for a minute that you can revive the church by moving the furniture around . . . The pulpit is shoved off to the side. The baptismal font is stuck in a corner. The Communion table is moved out of the way". (The Banner, 27.1.92 bl.6).*
- Die sakrament as teken en seël is vir die ongesensureerde belydende gelowige die sterkste vorm van prediking.

Geskiedenisoorsig:

- Die Reformasie het die preek in die apologie teen Rome, maar ook vir die opbou van die kerk, teruggebring in die erediens.
- Die rasionalisme het van preek ’n stuk onderwys gemaak, omdat op die Griekse model geglo is, dat kennis deug kweek, mense opbou en verander.
- By baie gereformeerde predikante oorheers die aksent om met die preek “te leer” of ons “laat” of “moet verstaan,” dit wil sê die fokus op intellektuele onderwys.

Die preek moet in die erediens sy plek neem om die ontmoeting met God, dit wil sê gemeenskap met God, daar te stel.

- Gevolglik moet die preek duidelik sê: “So sê die Here.”
- Die preek pas egter ook die Woord toe in die gemeente in ’n bepaalde situasie.
- Die preek moet ook deur die diens van die prediker die onderlinge omgang en gemeenskap van die gemeente as gemeenskap met mekaar *coram Dei* (in teenwoordigheid van God deur die werk van die Heilige Gees) duidelik lei.
- Die gemeente moet gevolglik aktief na die preek luister en God (van der Walt, 62v) en mekaar in Christus ontmoet.

Die preek lê dus – liturgies beskou – nie op dieselfde vlak as die Skriflesing nie.

- By die preek kom die menslike faktor by prediker en gemeente na vore.
- Die menslike faktor veroorsaak gebreke in die kommunikasie met God en met mekaar.
- Die Gees werk egter op hierdie manier. Die almagtige Here God doen sy werk ten spyte van die menslike steurnisse – Hy stel die ontmoeting daar in Christus deur die werk van Woord en Gees.

9.4 Liturgiese vereistes vir die preek

Liturgie vereis dat die preek liturgies sinvol hanteer moet word.

- NB: Die liturgie plaas die prediker in ’n posisie waarin hy op homself moet let: sy voorkoms, sy kleredrag, sy woordkeuse, die atmosfeer van erns of ligsinnigheid, van te swaar of te lig, sy taal, ens. (vgl. van der Walt, 1982:58v).
- ***Die gemeente word:***
    - ***in en met die preek gelei,***
    - ***maar moet ook self liturgies onder die prediking besig bly.***
- ***Die gemeente moet:***
    - ***ervaar dat hy Sondag vier***
    - ***en onder die prediking deur die Woord en Gees met God verkeer.***

9.5 Die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei

Die deputate wat vir die GKSA-sinode oor al die dinge ’n studie gemaak het, het nie net dinge waaroor die Sinode moes besluit aan die sinode voorgelê nie. Hulle het ook die manier hoe hulle al die dinge beredeneer het en die lyne waarvolgens hulle die beginsels bepaal het, aan die sinode voorgelê. Die sinode keur nooit sulke beredenerings goed nie. Daarom het die sinode net van hulle denkrigting kennis geneem. Wat hulle voorgelê het was die volgende:

Die lees van die Skrifgedeelte waaruit die prediking voortvloei, is nodig sodat die gemeente die verband waaruit die teks kom, kan verstaan. Die noue verbinding tussen Skriflesing en prediking word op Lukas 4:21 en Handelinge 13:15 gegrond en veral ook op Nehemia 8:6-8.

Die sinodebesluit
Na aanleiding van die voorlegging deur die deputate het die Sinode die volgende besluit geneem ten opsigte van die Skriflesing wat op die preek betrekking het:
Die prediking het ’n dienende funksie van oopmaak en toepas ten opsigte van die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en behoort so nou as moontlik daaraan verbind te word. Die koppeling van Skriflesing en prediking word aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat.

10. Die prediking/Woordbediening

10.1 Die Sinode het van die volgende sake wat voorgelê was, kennis geneem:

- Die besondere aard van die Godsopenbaring, die Heilige Skrif, wat die sentrum van die Christelike geloof vorm, vereis en beveel prediking of proklamering van God se Woord.
- Prediking het ’n dienende funksie. Die verhouding Christus en die prediker bepaal die dienende karakter van die prediking ten opsigte van die Koningswoord, die Skriflesing. Die prediker en sy prediking staan in diens van Jesus Christus en van die Gees van God. Hierdie dienende funksie van die prediking bepaal die verhouding van Skriflesing tot prediking. Uit die geskiedenis van die sinagogale en Nuwe-Testamentiese erediens blyk dit dat die prediking regstreeks op die Skriflesing gevolg het om so die afhanklikheid van die Skriflesing en die fundering daarvan in die Skrif te erken.
- Dikwels hoor die gemeente dat gesing of selfs gelees word “met die oog op die prediking”. Die oorsaak kan wees dat die samekoms van die gemeente te oordrewe intellektueel beleef word. ’n Verdere gevaar is dat die prediking van die profete en apostels aan die prediking van die huidige predikers gelykgestel word. Die Skrif is veel omvangryker. En in die lees en aanhoor daarvan word die gemeente blootgestel aan ’n breër oproep tot aanvaarding van genade en oproep tot bekering. Die prediking kies maar een aspek van die bepaalde Skrifgedeelte om dit in die konkrete situasie van die gemeente in te dra.
- Deur die prediking moet God aan die woord kom. Die prediking het gesag, maar dra ’n voorwaardelike karakter. Die prediking is altyd toetsbaar aan die Skrif en die prediker moet weet dat, sonder die krag en gemeenskap van die Heilige Gees, prediking ’n selfvernietigende taak is wat prediker en hoorder afbreek. Omdat God deur dienende prediking aan die Woord kom, het prediking sleutelmag. Jesus Christus handel in die prediking want Hy handel in, met en onder die liturgiese handeling van die prediking. God se eie boodskap wat Hy destyds aan bepaalde mense in ’n bepaalde gestalte gegee het, moet opgevang en met krag deurgegee word, sodat die mense van vandag in die samekoms van die gemeente vol verwondering voor die Drie-enige God te staan kom.
- Prediking is slegs ware prediking as die lyne vanuit die bepaalde teks via die sentrale inhoud van die Skrif na die mens van die hede getrek word. Die lewende God se lewende Woord dwing tot ’n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die boodskap tydens die handeling van die prediking.
- Die gemeente neem deel aan die handeling van die prediking deur biddende te luister. Die aktiewe luisteraksie is verstaan, instemming en toe-eiening van die boodskap. Daarom is die “amen” na die preek nie die “amen” van die prediker nie, maar die “amen” van die gemeente waarmee die boodskap so toege-eien word dat dit nou die preek van die gemeente word. Die gemeente moet daarom bid om die gawe van die profesie, wat beteken die gawe om in ’n konkrete situasie die boodskap prakties toe te pas.

10.2 Die sinode het besluit:

Die ontmoeting van God met sy volk kom verder tot uitdrukking in die kragtige Woorddiens waar God in die mededeling van sy genadegawes, sy volk vertroos en vermaan met die belofte en eis van sy verbond met ons. Hierdie Woorddiens is ’n besondere liturgiese handeling wat die sleutels van die koninkryk van die hemel in die samekoms bedien. God is aan die woord deurdat die prediking die Woord as opdrag het. Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot ’n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking.

Opgesom:

Die ontmoeting van God met sy volk kom gebeur ook in die preek:

- *Die Woorddiens moet kragtig wees.*
- *Dit moet‘n mededeling van God wees.*
- *God deel die volgende dinge aan sy uitverkorenes mee:*
    - *Sy genadegawes.*
    - *Hy vertroos sy volk.*
    - *Hy vermaan met die belofte en eis van sy verbond met ons.*
- *Hierdie Woorddiens is ’n besondere liturgiese handeling wat die sleutels van die koninkryk van die hemel in die samekoms bedien.*
- *God is aan die woord deurdat die prediking die Woord as opdrag het.*
- *Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot ’n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking.*

10.3 NB. Samevatting

- *Feitlik alle literatuur oor die erediens, oor die ervaring daarvan en behoefte aan vernuwing, lê nadruk op die **noodsaaklikheid van goeie, aktuele prediking** wat aan norme beantwoord om die bywoning van die erediens sinvol te maak.*
- *Ware prediking moet van die erediens aanbidding en 'n ontmoeting met God maak.*
- *God, die Heilige Gees, moet die gemeente deur die preek opbou, anders is die erediens en preek niks meer as 'n ontmoeting met die prediker nie.*
- *Prediking is 'n belangrike moment in die erediens, maar nie die belangrikste moment nie.*
    - *Predikante moet waak dat hulle die preek nie as onderwys, 'n les of katkisasie (veral met die Kategismuspreek) hanteer nie.*
    - *Die "Kategismuspreek" moet geloof as antwoord op Woord preek (vgl. Spoelstra, 1991).*
    - *Die bedienaar van die Woord moet met die preek die gemeente in gesprek met God en daarin in gesprek met mekaar stel.*

11. Die ontmoeting met God in die Sakramente

11.1 Erediens en Sakramente

Erediens en sakramente is deur die loop van die eeue dikwels geskei.

- In die Middeleeue het die Roomse Kerk sakramentalisme ontwikkel. Dit is 'n oorskatting van die sakramente.
- Die gevolg daarvan was dat verskynsels soos nooddoop, dodemisse, privaat mis en bieg en mis sonder erediens hulle verskyning gemaak het
- Die offeridee het die Nagmaal heeltemal omvorm: die Nagmaaltafel het 'n altaar geword.

Die Roomse kerk het van die doop en die Nagmaal toormiddels gemaak.

- Die Reformasie het die magiese betekenis (opus operatum) van die doop- en Nagmaalbediening weggeneem.
- Daarmee het sakramentbediening teruggekom in die vergadering van die volk van God (die erediens) en vorm dit die kroon op die Woordbediening aan die gelowiges.

11.2 Die bediening van die doop

Die sakrament moet deur die Heilige Gees die Woord wat vir die reeds gelowige(s) verkondig is, afteken en aan hulle beseël (hulle daarvan verseker). Die doop is al die sakrament van die "universele kerk" (liggaam van Christus) genoem (mits ons nie die sigbare kerk in erediens van die universele – die liggaam van Christus – skei nie).

- Die doop, hoewel 'n eenmalige bediening, is sakrament van die inlywing in Christus as lid in sy liggaam.
- "Inlywing" in die liggaam van Christus, as genadedaad van God, stel die intiemste ontmoetingsgebeure van gemeenskap tussen mens en God in kerkwees daar.
- Die doop beteken en beseël die inlywing in Christus.
- Die doop beteken en beseël die afwassing van erf- en daadwerklike sondes (selfs wat nog gedoen sal word).
- Die doop beteken en verseël die daaglikse vernuwing (bekering) van die lewe.

11.3 Die bediening van die Nagmaal by Calvyn

Die vroeë kerke, die kerkvaders en Calvyn handhaaf die standpunt dat die Woord en Nagmaal – kansel en tafel – by mekaar behoort. Dit word "die Bybelse visie van die eenheid en balans van Woord en sakrament" genoem.

Wat jammer is, is dat Zwingli meer invloed as Calvyn op die Nagmaalsviering in Genève uitgeoefen het.

- Zwingli se standpunt was effens anders as Calvyn s'n.
    - Zwingli het Woorddiens en sakramentviering van mekaar losgemaak.
    - Hy het op absolute stilte met die oog op die Woord nadruk gelê en alles op die prediking gerig.

- Die sakrament met brood en wyn was vir hom eerstens prediking (Brienen, 1987:232 vgl. 214; Jonker, s.j.: 83).
- Calvyn was oortuig dat elke oggenderediens op ’n Nagmaalsviering behoort uit te loop.
    - In die erediens ontmoet God en sy volk (’n sigbaar word van die kerk). Dit was die gebruik in die vroeë kerke.
    - Ons vier Nagmaalvierings per jaar is die volg van die politieke owerhede uit die 16de eeu en Lutherse en Zwingliaanse invloed.
    - Dit is opmerklik dat alle liturgiese geskrifte van Calvyn waaroor ons vandag beskik, net oor die “hoofdienst, de Zondagmorgendienst” handel (Brienen, 1987: 219).
    - Calvyn se standpunt was dat die hooferediens (oggenddiens), die Nagmaal veronderstel, al word Nagmaal nie gevier nie

Calvyn het die erediens as ’n *gebeure* en nie as ’n statiese verskynsel benader nie.

- Die moderne neiging is dat die erediens gesien word as ’n verskynsel (fenomeen) wat uit hierdie en daardie segmente bestaan.
- ***Erediens*** en ***sakramentviering*** is egter:
    - ***aksie***,
    - ***verkeer*** wat gedoen word,
    - iets wat na twee kante gebeur.
    - In die liturgie handel God en gemeente.
    - Die gemeente moet veral handel en reageer op wat God doen.
- Die vertrekpunt by die Nagmaal is dat dit *maaltyd* is, of liewer ’n besondere sakramentele moment tydens ’n volle maaltyd.
- Die essense van die maaltydsaspek is die verkondiging en daarstelling van gemeenskap as intieme tafelgemeenskap.

Calvyn gee gevolglik baie aandag aan wie mag toetree tot die tafel van die Here.

- Daar is innige verband tussen die liturgie en die etiese lewe buite die kerkdienste, dit wil sê tussen *liturgia* en *diakonia*.
- Die liturgie en Nagmaalsviering moet met die konkrete lewe van die volk wat die Woord en Gees gehoorsaam, korrespondeer.

Calvyn het nogal met die Wederdopers (die Anabaptiste) saamgestem in hulle aandrang op ’n “heilige” gemeente wat moet Nagmaal gebruik. Maar Hy het op een baie belangrike punt met hulle verskil:

- Die Anabaptiste wou die “heilige gemeente” deur die eenmalige volwasse doop na belydenis van geloof daarstel.
- Calvyn wou die gemeente heilig hou deur aan die Nagmaaltafel sigbaar en voortdurend die tugoefening en afhouding van die Nagmaal af uit te oefen (vgl. DKO artt. 71-77).
- ***Die afhouding van die Nagmaal is in Genève tydens die erediens vanaf die kansel gedoen!***

Let op dat daar verskillende maniere van doen was by die kerke na die Reformasie.

- In die Duitse kerke in Strassburg het die liturg die erediens vir ’n deel vanaf die Nagmaaltafel gelei en eers met die preek op die kansel geklim.
- In Genève het Calvyn die hele erediens vanaf die kansel gelei, maar die Nagmaal aan die tafel gaan bedien.
    - Aan die Nagmaal is slegs gelowiges toegelaat wat belydenis van geloof gedoen het en die belydenis met ’n onbesproke lewe staaf.
    - Daarom is daar gesorg dat gaste van elders eers vooraf besoek is. Dan is hulle ondersoek voordat hulle aan die Nagmaal toegelaat is.
- In Genève het die gelowiges na die tafel gekom en staande is die brood aan een kant en die wyn aan die ander kant van die tafel uitgereik.
    - Calvyn het dit as van middelmatige belang beskou of die mense self die brood in die hand neem of die brood gesuurd of ongesuurd en die wyn rooi of wit was.
    - Hy het egter kniel by die tafel afgekeur omdat dit aan die Roomse verering van die *hostie*

(Nagmaalbroodjie) herinner en tot bygeloof kon lei. Aanbidding van die element (Latyn: *hostia* beteken *offerdier*)
- Vir Calvyn was die bepalende vraag of die liturgiese orde werklik gemeenskap, 'n ontmoeting met God, orde, eendrag en eenheid bevorder.

11.4 Die Nagmaalliturgie by Calvyn

Calvyn gaan liturgies daarvan uit dat die Woord en sakrament – kansel en tafel – middele is waardeur God die Heilige Gees werk.

- In die eerste gereformeerde eredienste is die eerste deel van die erediens voor die tafel, daarna op die kansel en ten slotte aan die tafel gelei. Gevolglik is die kansel en tafel onverhandelbare liturgiese meublement (*furniture*).
- Die Vader en Seun is in die Heilige Gees by die Nagmaal aanwesig. Gevolglik mag net die geroepe en geordende leraar as "bedienaar van die Woord en sakrament" die Nagmaal bedien.
- Teenoor Rome se offer en altaar sê hy: "God gee ons nou 'n *tafel* om aan te eet en nie om op te offer nie. Hierdie verordening van God moet ons met eerbied behandel en deur geen gesag van mense . . . ons daarvan laat afbring nie" (*Instit*. IV.18[12]). Calvyn het gevolglik Nagmaal bedien aan wie na die heerlike tafel toe kom ("zum herrlichen Tisch herantritt"). (Graff, 1951:357).
- Die afhouding van die Nagmaal kon ook daar fisies plaasvind.
- Die kernverskil tussen Luther, Zwingli en Calvyn gaan oor hoe Christus in die Nagmaal teenwoordig is.
    - Calvyn wys Zwingli se nadruk op menslike gees in die hartsverheffing af en sê dat Christus deur die Heilige Gees self teenwoordig is en met die sakrament ons in die geloof versterk.
    - By die Nagmaalviering geld die brood en wyn as vervoermiddels van die Heilige Gees.
- Die Verbondsgedagte moet deur die liturgie van die Nagmaal gedien word:
- Verbonde wees in Christus deur die Gees met die Vader en verbonde wees aan mekaar as ware gelowiges.
- Die geloofsgemeenskap van die maaltyd word in die ononderbroke tafelgemeenskap uitgedruk.

11.5 Die Nagmaalliturgie by Zwingli

Zwingli het teenoor die manier waarop Rome (transsubstansiasie) en Luther (konsubstansiasie) Christus by die Nagmaal teenwoordig wou maak, die Nagmaal as 'n simboliese ***herinneringsmaaltyd*** beskou.

- Hy het die innerlike of geestelike viering van die Nagmaal met die gebruik van brood en wyn beklemtoon.
- Dit gaan vir hom nie om Christus wat in die Gees in die Nagmaal teenwoordig is nie, maar oor die geloof, die harte wat geestelik "opwaarts" verhef word.
- By Zwingli tree dus 'n spiritualistiese en soteriologiese opvatting oor die Nagmaal na vore wat die sigbare aspekte van die sakrament vergeestelik.

By Zwingli gee God geen teken meer nie, net die mens gee getuienis.

- Wyn en brood is in die gedagtenismaal net simbole van die liggaam en bloed van Christus.
- Daarmee laat Zwingli eintlik ook die gedagte van die *presentia realis* (werklike teenwoordigheid) wegraak.
- Daarmee saam het die volgende oortuiging in die kerk posgevat: die Nagmaal dien op geen enkele manier om jou aan Christus te verbind nie (tot heilsbemiddeling nie).
- Dit is slegs een versterking van geloof (Dis natuurlik onwaar dat dit slegs/net bedoel is om ons geloof te versterk, want die Here Jesus is Persoonlik die Gasheer van die Nagmaal.)
- · Die uiterlike vorm waarin die Nagmaal gevier word, is vir Zwingli bysaak, solank die harte net in stilte "opwaarts" verhef word na waar Christus is.
    - Die vergeestelike opvatting van die Nagmaal by Zwingli het veroorsaak dat die gemeente die Nagmaal soos die prediking in stilte in die gehoorsaal ontvang het waar ouderlinge en diakens as geordende dienaars ongesoute brood en wyn in houtbekers na die sittende Nagmaalsgebruikers toe gedra het.
    - Die houtbekers moes alle skyn van uitwendige pronk afsny.

Zwingli se sterk kerkgerigte en simboliese of 'n vergeestelike verstaan van die Nagmaal het groot invloed uitgeoefen. *Die feit dat die aksent vandag ook van wat God in die Nagmaal doen, verskuif na wat die mens doen,*

is vir ’n baie groot deel te wyte aan Zwingli se Nagmaalsleer.

11.6 Die gebruike by die Nagmaal

11.6.1 Sake waarvan die Sinode (1985) kennis geneem het:

· Terwyl die Nagmaal bedien word, kan met die uitdeelformules volstaan word. Dit verwoord tog wat die deelnemers moet doen terwyl hulle eet en drink. I*n dié geval behoort daar onderwyl die brood en wyn omgaan nie verder gelees of gesing te word nie.* Die oproep van die Nagmaalsformulier (hartverheffing) net voor die uitdeling beklemtoon die noodsaak dat die deelnemers met een saak besig moet wees. By wyse van afwisseling kan soms toepaslike Skrifgedeeltes by die tafel gelees word.

· ’n Rustige, bedagsame Nagmaalsviering word ten sterkste aanbeveel. Die eet van die brood moet afgehandel wees voordat die beker uitgedeel word. So staan dit in die Skrif (1 Korintiërs 11:25): en na die ete; kyk ook Matteus 26:27: en nadat Hy gedank het; Lukas 22:20: na die maaltyd. Die gelowige moet nie gedwing word om twee handelinge gelyktydig te doen nie, bv. terwyl hy die brood neem, word die formule oor die beker uitgespreek en moet hy dit geestelik hoor. Sodoende word meganiese handeling en oppervlakkigheid in die hand gewerk.

· ’n Seëngebaar by die ophef van die beker moet nagelaat word. Dit het geen Skrifgrond nie en is sinloos.

· Skrifgegewens dui op ’n hoë frekwensie van Nagmaalviering (Handelinge 2:42-46)

.

11.6.2 Die Sinode (1985) het daarop die volgende besluit:

- Die lees van ’n Skrifgedeelte onder die viering is opsioneel.
- Die Nagmaal moet rustig en bedagsaam gevier word.
- ’n Hoër frekwensie van Nagmaalviering moet oorweeg word volgens plaaslike reëling.
- Die seëngebaar by die ophef van die beker moet nagelaat word.

11.6.3 Die Nagmaalformulier

Die Nagmaalformulier (art. 62 KO) val uiteen in twee gedeeltes:

- Die een deel is ’n *onderwysende* deel wat handel oor die instelling, die selfbeproewing en die doel van die Nagmaal.
- Die ander deel is die *rituele* deel. Daarin volg die gebed, die bediening, die lofverheffing en die danksegging mekaar op.
    - In die geheel vorm die Nagmaalformulier ’n liturgiese juweel. Veral die lyde van Christus word aangrypend geteken.
    - Gevolglik moet die liturg moeite doen om die formulier sinvol voor te dra

Die gebed waarmee die Nagmaalrituaal begin, stel die Drie-enige God in die middelpunt van alles wat tydens die Nagmaalviering (die rituaal) gebeur.

- ***Die gebed lei in na die bede om die teenwoordigheid van Christus: die Heilige Gees word gebid om in “hierdie Nagmaal” ons met “Hom, die enige hemelse brood” te voed en verkwik.***
- Vir die betekenis van Nagmaalvier is dit belangrik om te besef dat:
    - die Nagmaal terugkyk (gedagtenismaal),
    - maar ook slaan op die band van God met sy gemeente (hede), en
    - vorentoe gerig is op die Messiasmaaltyd met sy wederkoms (toekoms).

Die Nagmaalformulier bevat nie ’n uitnodigingsformule nie.

- Sommige bedienaars laat net voor of na die “hartsverheffing” wat op die gebed volg, ’n gepaste psalm soos byvoorbeeld 23:3 (sittende en sonder voorlees) sing.
- Daarna roep die liturg by die tafel die gemeente op om na die tafel te kom met byvoorbeeld die woorde van Jesaja 55:1.
- Waar die gemeente in groter gemeentes agtereenvolgens na die tafel moet kom, behoort die kommunikasie spontaan na en van die tafel onder psalmsang te vloei.

- Sodoende word die eenheid van die viering by dieselfde tafel liturgies beklemtoon.
- ’n Kerkraad moet voorsiening maak dat nie meer as ongeveer vyf tafels bedien word nie. Kerkgeboue soos dié te Burgersdorp, Port Elizabeth en Bellville maak spesiaal vir die Nagmaal voorsiening soos ook in die vroeë christelike kerke gebeur het (vgl. Luiks: Cathedra en Mensa).
- In die vroeë kerke het die deelnemers self uit ’n brood ’n stuk gebreek.
- Oor die kwessie of die Nagmaal bedien moet word met ’n heel ongesuurde brood waarvan die lidmate elkeen ’n stuk moet afbreek, of met gesnyde blokkies – soos ons tradisie dit min of meer van die Roomse tradisie oorgeneem het – is daar nogal verskil onder die teoloë.
    - Van der Walt twyfel of ’n bord vol blokkies nog die sin van “Ek is die brood” oordra.
    - By die liturg en die gemeente pas die uiterste gelowige konsentrasie omdat Nagmaal die intiemste ontmoeting met God en “ons oorgee aan Christus” daarstel (van’t Spijker, 1980:409).
    - In die lig hiervan wys Van der Walt selfs die lees van gepaste Skrifgedeeltes tydens die Nagmaalviering af (van der Walt, 1990:188).
    - Opmerking: Stilte kan konsentrasie bevorder, maar ook ’n vakuum skep.
    - Die liturg moet enige stereotiep vermy:
        - God se Woord (net ’n paar verse) aan die tafel hoef nie teen die sursum corda in te druis nie.
        - Inteendeel, sy Woord kan die *sursum corda* versterk, mits die liturg sorvuldig kies, net ’n paar verse lees en dit nie elke keer doen nie.

11.6.4 Nagmaal aan tafel of in die banke

Enkele van die GKSA het sedert 1988 begin om, soos Zwingli, die Nagmaal in die banke te vier. Hulle voer “praktiese” redes aan soos:

- Te veel tafels
- Te veel herhaling
- Oorsaak van verveling
- Verbreking van die “eenheid van die liggaam” (gemeente), ensovoorts

Weliswaar kan Nagmaal by ’n tafel ook staande of gaande gevier word – soos dit deur die eeue op verskillende plekke verskillend gedoen is. Op grond daarvan kan nie oor die Nagmaal in die banke (iets anders as ’n tafel) konklusies getrek word nie.

- Dit behoort egter oorweeg te word om waar moontlik nie die “fisiese tafel” by die Nagmaalviering prys te gee nie.
- Al verdwyn die gemeenskaplike maaltyd in baie huise, bestaan tafelgemeenskap en die tafel as plek en draer van die maaltyd nog, al is dit net by feesgeleenthede in hotelle, ensovoorts.
- Wanneer die tafel by Nagmaal in die banke verdwyn, het die Nagmaal sy eksklusiewe maaltydkarakter van belydende gelowiges en verband met die gewone lewenswerklikheid verloor en vereng tot ’n suiwer kerklike sakramentele handeling wat met brood en wyn in die gees van Zwingli gepleeg word (aldus Spoelstra).

11.6.5 Die plek van die sakramente in die liturgie

Beide sakramente behoort net in ’n erediens bedien te word – al word ’n erediens spesiaal in ’n huis gereël (vgl. Eber, 1991:376).

- In die erediens behoort die sakrament na die Skriflesing en Woordverkondiging bedien te word.
    - By die doop veroorsaak praktiese probleme soos babas wat teen die einde van die diens begin honger en lastig raak, dat die doop vroeër in die liturgie geplaas word.
    - Dit moet egter na die Skriflesing(s) – al is dit voor die preek – bedien word omdat die sakrament op die Woord rus.
    - Daarbenewens moet beide sakramente met die liturgiese formuliere bedien word wat die gereformeerde Bybelse geloofsleer meesterlik uiteensit
    - (artt. 56, 62 KO).
        - Die formuliere moet daarom ook nie net “gelees” word nie, maar werklik voorgedra word.
        - Die liturg moet die inhoud van die formuliere aan die gemeente kommunikeer.

- In ’n noodsituasie moet ’n formulier eerder verkort as afgejaag word.
- Die liturg moet waak dat hy nie die aksent op die vormlike en letterlike plaas nie.
- Sodra die bediening van ’n sakrament na ’n ***kerklike pligpleging***en ’n stuk ***formalisme***met ’n formulier lyk, vind geen ontmoeting met God – en daarom geen erediens/aanbidding – plaas nie.

Dit val op dat beide die doop- en Nagmaalformulier twee gebede bevat:

- ’n Voorbereidende gebed en
- dankgebed.

Daar word dus meer as een keer, maar elke keer met liturgiese doel, gebid.

Omdat die erediens ’n ontmoeting van God met sy gemeente is, praat die gemeente op bepaalde momente in die gebed met God oor wat op daardie oomblik gebeur. Elke gebed uit die formulier moet daarom sinvol en met gevoel gebid, en nie afgerammel word nie.

Die liturg moet deurgaans die diens so lei dat hy niks doen of sê wat die ontmoeting tussen die gelowiges en hulle Here God versteur nie.

- Hy moet allerlei onnodige steurende, vroomlike aankondigings, aksent op mense wat ’n kind vir doop bring, of opmerkings oor ’n “mooi kerkgeleentheid” vermy.
- Bewoë blydskap, erns en opregtheid moet die ontmoeting van sondaars met hulle God en Here kenmerk.
- Die liturg se hantering van die bediening van die sakramente sal grootliks bepaal hoe die erediens beleef sal word.

11.6.6 Die doop: die Sinode (1985) het die volgende besluit:

- Die doop vind na die Skriflesing of die prediking plaas, want die sakrament volg op die Woorddiens.
- Doopouers staan met hulle gesig na die gemeente gekeer wanneer die doopsbediening plaasvind.

11.6.7 Die gemeentelike antwoord (responsoria) in die erediens

In die mees algemene liturgie binne die GKSA dra die ***dankgebed*** na die preek, die ***kollekte*** en die ***slotpsalm*** duidelik die karakter van ’n reaksie van die gemeente op dit wat in die erediens voorafgegaan het.

- Om by die liturgie by dié van die vroeë kerke aan te sluit moet, soos Calvyn bepleit het (vgl. ook G. van der Leeuw, 1946), die Nagmaal ná die verkondiging en voor die responsoria gevier word.
    - As ons noukeurig na die slot van die Nagmaalsformulier kyk, straal daaruit ’n warm respons van die gemeente op die sakrament en die evangelie wat die sakrament beseël.
    - Calvyn en Van der Leeuw beklemtoon daarom dat in werklikheid *net ’n Nagmaalsdiens ’n volle erediens is*.
    - Vroeër was dit ook gebruiklik dat gelowiges ***dankoffers*** aan die Nagmaaltafel afdra om daarmee ook daadwerklik te doen wat in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus as “dankbaarheid” bely word.

12. Die dankgebed

In die gangbare liturgie binne die GKSA word gewoonlik ’n kort “dankgebed” wat op die verkondiging gerig is, net na die preek gebid.

- Ons het reeds verwys na enkele kerke wat ’n psalm (wat volgens Calvyn gewoonlik ’n gebed is) as reaksie op die preek voor die dankgebed invoeg.

12.1 Die sinode het besluit:

Die “amen” aan die einde van handelinge soos die prediking, gebede en geloofsbelydenis is die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging. Dit is die vasgryp aan wat God in sy verbond beloof en die bevestiging van

wat bely en gebid is (vgl. Kategismus, Sondag 52). Ter wille van goeie orde gaan die voorganger die gemeente hierin voor of laat dit saamsing.

12.2 ’n Psalm as dankgebed

’n Psalm kan as ***antwoordgebed*** die rol van ’n ***amen*** op die preek vervul.

- Indien die voorganger daarna weer ’n ***dankgebed*** bid, skep dit die indruk dat:
    - die psalm nie ’n gebed was nie omdat dit ***gesing*** was;
    - die psalm onvoldoende reaksie op die verkondiging was en dat die voorganger die respons van die gemeente in die psalm met sy gebed moet aanvul.

Die opmerking moet ons weer laat vra hoe die gemeente die ***sang*** in die erediens belewe.

- Beskou die gemeente sang as iets op sigself wat nie op praat of kommunikasie met God soos ***gebed*** neerkom nie?
- Indien wel, moet ons vra hoe die liturg die sang hanteer.
    - Die volledige, formele en dikwels betekenislose wyses waarop psalms aangekondig en voorgelees word, voordat dit gesing word, mag die indruk skep dat ***sang*** ’n item in die erediensgebeure is.
    - As die indruk reg is, het die psalmsang weinig waarde vir die erediens en val dit op die vlak van orrelspel.
    - Aan die ander kant, wanneer die sang deel vorm van die ***dinamiese ontmoetingsgebeure*** moet die psalm(s) aan die slot van die diens baie sterk dank en lof verwoord.

12.3 Die sinode het die volgende oor gemeentesang (ook as gebed) besluit:

- Die sang van die gemeente is ’n belangrike onderdeel van die Antwoorddiens, maar as respons van die gemeente kom dit as liturgiese handeling ook in die ander hoofmomente van die liturgiese gang voor.
- Sang is diensbaar aan die woorde waarmee met God in die liturgie gekommunikeer word omdat die gemeente daarin as geheel aan die woord kom.
- Die lied dien as ’t ware as formulier om in eenheid te aanbid, smeek, bely, prys, verheerlik en te verootmoedig.
- Waar sekere psalms en Skrifberymings hulle daartoe leen, kan van wisselsang gebruik gemaak word. Dit word aan die vryheid van die kerke oorgelaat.

12.4 ’n Dank- of lang gebed?

In die liturgie van die meeste GKSA vind ’n lang gebed voor die preek en selfs in bepaalde gevalle voor die Skriflesing plaas. Die ***lang gebed*** bestaan gewoonlik uit die volgende elemente:

- Lofprysing
- Skuldbelydenis
- Gebed om verligting deur die gees
- Voorbidding en danksegging

Soms ontbreek van die elemente.

- Die element van lofprysing kan ook met die begrip ***bely*** van die Naam en deugde van God uitgebrei word.
- Dié van voorbidding kan met onderskeiding tussen ***voorbede*** (“intercession”) en ***smeekbedes*** (“petition”) uitgebrei word.
- In die lang gebed kom ook elemente van ***verbind*** en ***toewy aan*** die Here voor

Liturgies beskou is die een lang gebed met soveel heterogene elemente nie wenslik nie. Let op die liturgiese formuliere vir die doop en Nagmaal.

- In die een enkele sakramentbediening word minstens twee maal afsonderlik gebid.
- Elke gebed het ’n afsonderlike doel en karakter.

Die formuliergebede agter in die Psalmboek bevat:

- ’*n Algemene belydenis van sondes en ’n gebed voor die preek op Sondag en op vas- en biddae*, ’n gebed wat liturgies en histories by die skuldbelydenis tuishoort;
- ’*n Gebed vir al die behoeftes van die gelowiges* om gebruik te word op die rusdag na die eerste preek
- soos Calvyn die gebed onder die responsoria geplaas het: ’*n Openbare belydenis van die sondes en korter gebed voor die preek*
- *'n Korter gebed na die preek*
- ’*n Gebed voordat uit die Kategismus onderrig gegee word*
- ’*n Gebed nadat uit die Kategismus onderrig is*

Hierdie oorgelewerde formuliergebede sluit duidelik aan by die liturgie wat ook Calvyn gebruik het.

- Daarvolgens behoort die ***lang gebed*** by die responsoria en kan ’n ***gebed as skuldbelydenis*** en ’n kort gebed om verligting voor die Skriflesing en Woordverkondiging gebid word.
- Die lang gebed met ***voorbidding*** en ***smeekbede*** aan die einde van die diens pas beter omdat op grond van wat uit die Skrif en preek gehoor is, God hier aangeroep word op sy Woord.
- Anders gestel: die Woord van God (Skriflees en Woordverkondiging) bring die imperatief (bevel) en vrymoedigheid by sondaarmense om met gebed hulle God en Here aan te roep en ***voorbedes*** en ***smeekbede*** na Hom te stuur.
- So sluit die erediens in ’n toon van dank en geloof in die Here waardeur die erediens ***ook na die lewe in die week sluit.***

12.4 Ten opsigte van die gebed het die Sinode die volgende besluit:

Die liturgiese plek van gebede in die samekoms word aan die vryheid van kerke oorgelaat, met die riglyn dat die gebed om verligting voor die Woorddiens plaasvind en die omvattende gebed van lofprysing, aanbidding, dank, verootmoediging en skuldbelydenis en smeking/voorbidding in die Antwoorddiens, omdat aanbidding deur die Woorddiens opgeroep word.

- Die liturgiese handeling van stilte na die Woorddiens, voor die aanbidding as antwoord op die Woorddiens, word aan die vryheid van die kerke oorgelaat.
- In die gebede in die samekoms van die gemeente behoort die volgende onder andere aandag te kry:
    - Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens
    - Aanbidding
    - Skuldbelydenis
    - Dank
    - Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God (bv. Nehemia 1:8-10; Lukas 11:13)
- Die liggaamshouding behoort te pas by die liturgiese betekenis en wese van die gebed en altyd eerbied te betoon in die wete dat die Drie-enige God aangeroep word. Die gebedshouding van die hele gemeente word aan die vryheid van die kerkraad oorgelaat.

13. Die kollekte

13.1 Die plek van die kollekte in die liturgie

Wanneer doelgerigte kollektes wat voorbidding verdien, opgeneem word, pas dit tydens die erediens net na die dankgebed en voorbidding gedoen is.

Kollektes is al gedurende verskillende momente van die erediens opgeneem:

- Pas na die openingspsalm (Pretoria-Wes in die vyftigerjare)
- Net voor die preek
- Tans word dit meestal in die erediens na die dankgebed opgeneem voor die danklied gesing word.
- Ander kerke neem die kollekte op tydens die uitgaan by die deure.

Kollektes wat vir ander doeleindes soos ’n boufonds by die deure opgeneem word, het geen liturgiese betekenis

nie.

- ’n Mens kan nie uit 1 Korintiërs 16:4 aflei dat die kollekte *onder* die erediens opgeneem of uitgedeel *moet* word nie.
- Die Sinode van 1964 het die versoek om die kollekte onder die diens liturgies voor te skrywe afgewys omdat die Skrif nie daaroor ’n voorskrif gee nie.
- In die kerke waar *twee* eredienste met dieselfde mense kort na mekaar gehou word, maak ’n kollekte by ’n tweede diens nie sin nie.
    - Wat is die sin om twee kollektes vir dieselfde saak by dieselfde mense kort na mekaar op te neem?
    - So ’n praktyk skep die idee dat kollekte blote gewoonte en vorm is en met so ’n klein geldstukkie as moontlik gedoen moet word.

Die kollekte of “christelike handreiking” behoort by die erediens (1 Korintiërs 16:1-4; Heidelbergse Kategismus Sondag 38).

> **Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie. En wanneer ek aangekom het, sal ek die persone wat julle goedkeur, met briewe stuur om julle gawe na Jerusalem te bring. En as dit die moeite werd is dat ek ook gaan, kan hulle saam met my reis.** (1 Korintiërs 16:1-4 AFR53)

Nadat die liefde en genade van die Here verkondig is, moet die liefde en bewoënheid van die gemeente uitreik na die medegelowiges en selfs na ander mense wat in hierdie gebroke wêreld in nood verkeer (Galasiërs 6:10):

> **Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.** (Galasiërs 6:10 AFR53)

Kortom, die liefde van God wat aan ons verkondig word, en wat ons vir onsself aanneem, moet die respons van liefde teenoor die naaste by die gelowiges wakker maak
(Ps 133, Lukas 10:37; Matteus 25:40, 50).

> **En hy antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so.** (Lukas 10:37 AFR53)

Die gebed na die preek behoort ook die kollekte en die doel daarmee voor die Here te bring.

- Het dit al opgeval hoe min die saak waarvoor die kollekte bestem is in die gebed aan God opgedra word?
- Hoe kan vir ’n doel ingesamel word waarvoor nie gebid word nie?
- Calvyn het die kollekte tydens Nagmaal by die tafel, anders teen die einde van die diens geplaas.

Die kollekte behoort te onderskei in:

- wat tot instandhouding van die erediens en
- as christelike handreiking bedoel word (vgl. HK S38).

In beide offergawes moet dank en liefde die leidende motief wees, dit wil sê dit moet godsdiens wees.

13.2 Die Sinode het oor die kollekte as volg besluit:

- Die liefdegawe of Christelike handreiking vorm deel van die antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens.
- Met hierdie daad betuig die gemeente sy dank aan God vir die meedeling van sy genadegawes op tasbare wyse.
- Die gemeente moet goed ingelig wees, liefs die vorige Sondag, waarvoor die gawes bestem is.

13.3 Die diens van barmhartigheid

Die kollekte onder die erediens word dikwels aangekondig as *die diens van barmhartigheid*. Dit is verkeerd.

- Die diens van barmhartigheid geskied nie by die insameling van gawes nie, maar waar en hoe die gawes uitgedeel word.
- Die *kollekte* of *gawes* wat *ingesamel* word, het dikwels self nie eers ’n bestemming nie, maar gaan vir die *diakonale kas* of die diakens lig die gemeente nie in oor die bestemming van die kollekte nie.

Die kollekte kan dikwels liturgies sinloos opgeneem word, asof die diakens sal besluit waar die kollekte(s) bestee moet word.

- Hulle doen die barmhartigheid.
- Waar die gemeente nie weet vir wie die kollekte gaan nie, is hulle pragmaties maar nie liturgies in die kollekte betrokke nie.
- Dit word ’n algemene afdra van gawes sonder besondere barmhartigheid.
    - So ’n kollekte hou geen diens van die gelowiges in nie en daar is nie sprake dat hulle die hand reik aan mense in nood nie.
    - Die diakens kan op so ’n wyse hulle liturgiese taak en funksie versuim en die diens in daardie geval van die gemeente vervreem.
    - Die gemeente ervaar die kollekte in so ’n geval as ’n koue kerklike kollekte en nie as ’n godsdiensuiting waarin ’n appèl op liefde beantwoord word nie.

Goeie liturgie vereis dat die gemeente presies moet weet vir wie die kollekte bestem is.

- Die adres van die kollekte moet appelleer op die onderlinge liefde en omgee vir mekaar.
- Die kollekte moet uitreik na die mens in nood. Kollektes moet nie gedurende ’n erediens opgeneem word vir gemeentelike of breër kerklike kapitaal of lopende rekenings vir die Bybelgenootskap, of vir semi- of buitekerklike inrigtings nie, behalwe wanneer daar direk liefde met die kollekte bewys word.
- Gevolg kan vir studiebeurse aan minderbevoorregtes, bystand in hospitaal- of medisynekoste, hulp in skade tydens natuurrampe, ensovoorts, in ’n erediens gekollekteer word.
- Die diakens moet die kollektes in lyn met die liturgiese bedoeling afdra. Die insameling en uitdeling moet die karakter van liefdegawes van ’n gemeente van Christus aan gebroke mense in ’n gebroke wêreld dra. *Barmhartigheid* (wat soms ’n omstrede term is), *liefdegawes* of *christelike handreiking* (Heidelbergse Kategismus Sondag 38) moet na die Gewer van alle goeie gawes heenwys.

Hoe die gawes ingesamel word, is van liturgiese betekenis (Kroeze, 1990:181-184).

- Soms begelei die orrelis met selfgekose orrel- of klaviermusiek die kollekte.
- Die gemeente kan meer sinvol met passende psalms die insameling begelei deur byvoorbeeld van God se liefde en barmhartigheid te getuig.
- Die belangrikste is dat die tydjie wat die insameling duur, sinvol ervaar moet word.
- Die verband tussen wat ons van God ontvang en waarvoor ons nou kan gee, moet duidelik oorkom.

13.4 Die vorm waarin die gemeente hulle bydrae lewer

Die normale gebruik soos wat ons dit ken, is om ’n finansiële bydrae te maak. In bepaalde gemeenskappe, noodsituasies en omstandighede, mag mense natuurlike gawes vir hulle naaste in die vorm van groente, eetware en selfs diere bring.

- So ’n kollekte kan nie gedurende die erediens opgeneem word nie.

13.5 Die onderlinge gemeenskap

In die GKSA het sedert ongeveer 1964 begrip ontwikkel vir die feit dat onderlinge gemeenskap wat die kerk van die Here kenmerk (Handelinge 2:44-47; 4:32-35; 6:1-7), verder strek as verligting van stoflike armoede.

- Sommige kerke kondig gevolglik af vir wie voorbidding gedurende die erediens gedoen sal word.
- In sommige kerke word ’n versoeklys vir voorbidding by die kerkdeur deur die diakens gehou.
    - Mense kan daarin voor die erediens versoeke tot voorbidding rig en kort voor die aanvang van die

diens, bring die diakens die versoeke na die kerkraad om in die afkondigings en voorbidding opgeneem te word.
- Daar gaan vandag sterk pleidooi op om die liturgiese dimensie van die diens van die diaken te ontplooi omdat “liturgie de meeste duurzame en werkzame bemiddelaar van geloof” is (Kroeze, 1990:181v).
- Daar moet egter gewaak word teen demonstrasie of vertoonsug wat die aandag vestig op wat deur wie gedoen word.
- Die liturgiese gerigtheid op die vertikale dimensie moet nie skade ly nie.

14. Die danklied of slotpsalm

Die ontmoeting met die God wat Hom aan sy volk verbind het, het reeds in die Ou Testament altyd aan die einde van die liturgie ’n groot ***Hallel*** uitgelok (vgl. Ps 111-118).

- Dank en lof pas by die slot van die erediens.
- Die voorganger moet die slotpsalm so kies dat die gemeente waarlik kan respondeer op die ontmoeting met die Here wat nou tot ’n einde kom.
- Die gemeente kan liewer spontaan die slotsang aanhef as om aangekondig en voorgelees te word.
- Indien die psalm op die bord vir liturgie verskyn en die orrel begelei, geskied alles ordelik, spontaan en sinvol.

15. Addendum tot die slot: die seën van God

Die gemeente het met hulle dawerende Halleluja nie die laaste woord nie. ***Die Here lê heel laaste sy seën op sy volk.***
(In die Baselse en Roomse liturgieë was daar selfs ’n “wegstuur” (missa est) van die gemeente voor die seën (Brienen, 1987:26).

15.1 Die seën op die gemeente

Die seën sluit aan by die Ou-Testamentiese liturgie en erediens.

- Die priester bring eers die reukoffer van die verbond (sinnebeeld van die bekeerde lewe van ’n dankbare volk as offer aan die Here).
- Daarna kom hy uit om die vergaderde volk in die voorhof te seën (Numeri 6:24-26).
- Met die seën van die Here (die Verbondsgod) gaan die volk huis toe en beweeg die erediens die gewone lewe in.
- Hierdie liturgiese element word in die Nuwe Testament gehandhaaf in die seënformules wat aan die einde van die Pauliniese briewe voorkom.

Die erediens is gerig op die voortgaande lewe. Daarom beklemtoon die trinitariese formule (2 Korintiërs 13:13) die volgende:

- Die guns van die Here Jesus wat ons met God versoen.
- Die liefde van God die Vader wat sy Seun in die wêreld gestuur het en die wêreld deur sy voorsienigheid regeer en onderhou.
- Die Vader en Seun is by ons in die gemeenskap van die Heilige Gees (wat van die Vader en Christus uitgaan) en bewaar ons vir die Vader.
- Die seën verseker die volk van die verbond en verbondsvrede. Deur God se genade deel hulle ewig in die verbondsgoedere.

15.2 Die houding van die liturg as hy die wegstuurseën uitspreek

Die gebedshouding van opgehewe hande moet NIE by die seën gebruik word nie, maar wel twee opgehewe arms wat horisontaal met die handpalms na onder gekeer gehou word.

- Spoelstra en andere beklemtoon dat slegs bedienaars van die Woord die seën kan uitspreek. Die rede is omdat die gesag om te kan afkondig met *roeping en bevestiging* aan ’n diens wat God verleen, saamhang.

- Die seën word uitgespreek namens God en net deur iemand wat God in diens gestel het om Hom te verteenwoordig (gesant-wees, apostolaat).]
- Die bevestiging tot dié besondere diens geskied daarom ook tydens die erediens, terwyl die Here sy volk ontmoet.

15.3 Oor die wegstuur van die gemeente met die oplê van die seën van die Here het die Sinode soos volg besluit:

- *Die seën van die Here aan die einde van die erediens het nie die betekenis om die slot van die samekoms aan te dui nie, maar wel die wegstuur van die gemeente om onder die seënende hand van die Here tot die aksie van diens uit te gaan.*
- Dit moet liturgies in woord en gebaar duidelik wees dat die dienaar gemagtig is om die seën van die Verbondsgod, namens Hom, op die Verbondsgemeente te lê.
- Die wegstuurseën word uitgespreek volgens die formule van:
    - Numeri 6:24-26
      Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. (Numeri 6:24-26 AFR53)

    - of 2 Kor 13:13
      (13) **Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen.** (2 Korintiërs 13:14 AFR53)

- o**f 1 Pet 5:10,11**
  En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons ’n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. (1 Petrus 5:10-11 AFR53)

Die slotseën word deur die liturg met opheffing van hande uitgespreek (Levitikus 9:22).

16. Die Sinode het oor twee of meer eredienste soos volg besluit:

- In ooreenstemming met die beginsel van KO, art.68 moet die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitgelê word.
- Maar indien dit nie moontlik is om ’n afsonderlike tweede samekoms te hou nie, kan die handeling ingesluit word in die liturgie van die eerste samekoms.
- Die inrigting van meerdere samekomste op die Sondag of in die week moet die dinamiese gang van
    - ontmoetingsdiens,
    - verootmoedigingsdiens,
    - versoeningsdiens,
    - Woorddiens, en
    - antwoorddiens
      volg, sodat hierdie samekomste ook ontmoeting van God met die gemeente, die gemeente met God en die gemeente onderling kan wees.

Dit hoef egter nie ’n eksemplaar van die eerste samekoms te wees nie en die plaaslike kerk moet dit inrig met inagneming van Kategismus, Sondag 38 en KO, art. 68.
Dit geld ook vir die spesiaal-gerigte dienste soos onder KO, art.66 wat om ’n eie liturgie kan vra, soos meer as een gebed deur meer as een voorganger.

17. Slotsom

Die erediens is in werklikheid ’***n gebeure.***

- Dis ’n kerk wat saambind *(introïtus)* om kerk te wees wat hulle God ontmoet.
- Hulle doen *skuldbelydenis*,
- *bid om verligting deur die Gees* (epiklese),
- *luister na die Woord,*

- *die Woord word verkondig,*
- *heilige kommunie* (Nagmaal) word gevier,
- *die kerk antwoord op wat ervaar is*,
- en gaan huis toe onder *die seën van God*.

Daar is ook nog buitengewone handelinge wat tydens die erediens plaasvind, soos die volgende:

- Die seremonies wanneer die aflê van geloofsbelydenis (die Credo in samehang met toetree tot die Nagmaal) plaasvind
- Die ekskommunikasie of afsnyding uit die kerk (die teenpool van volwasse doop)
- Die bevestiging in die besondere dienste
- Die bevestiging van die huwelik. Die huwelik vind egter nog slegs by hoë uitsondering tydens die erediens plaas.

***Bronnelys**:*

1. **Ons Kerke se lewe weerspieël in ons Liturgie.** *Deputate van die CJBF. 1997*
2. **Kerkdiens en Godsdiens.** *Bouke Spoelstra. September 2004.*